

Hoofstuk 4

Die Duitse immigrante se identiteit en hoe dit beïnvloed is deur Nasionaal-Sosialisme

Inleiding

Die volgende drie hoofstukke vorm 'n eenheid en is 'n transnasionale historiese studie waarin die identiteit van die Duitse immigrante en hul transnasionale belewenisse in Suid-Afrika na die Tweede Wêreldoorlog op 'n prosopografiese wyse beskryf word. Die leser word daarop bedag gemaak om in gedagte te hou dat prosopografie soos 'n lappieskombers is. Dit is die samevoeging van die biografieë van 'n groep individue met min of meer dieselfde agtergrond en 'n breë gedeelde, in hierdie geval, etniese agtergrond. Dit is stukkie van die biografieë van mense wat beskryf word in verband met 'n bepaalde tema op 'n bepaalde tydstop. Die lappies het elkeen hul eie kleure en patrone en slegs wanneer die lappies saamgevoeg word en die kombers voltooi is, is 'n geheelindruk moontlik en 'n beeld sigbaar. Daar word voortdurend verwys na die metodiek waarop hierdie studie berus, naamlik transnasionaliteit en transnasionisme. Transnasionaliteit verwys na die transnasionale identiteit van die immigrant. Dit sluit in sy aanvanklike Duitse identiteit en later sy omvormde transnasionaliteit – oor die grense heen van 'n nuwe nasionale staatgevormde identiteitskonstellasie.

Eerstens, in hoofstuk 4, word die Duitse immigrante se identiteit en hoe dit beïnvloed is deur Nasionaal-Sosialisme voordat hulle na Suid-Afrika geïmmigreer het nagevors. Die hoofstuk sluit in hulle agtergrond en ook hoe hulle in Suid-Afrika ontvang is. Hoofstuk 5 fokus op transnasionisme en die transnasionale sosiale netwerke waarin die Duitse immigrante hulself kon bevind, as hulle sou wou deel wees daarvan. Die transnasionale ruimtes waarin die immigrant beweeg het word ondersoek deur middel van 'n kwalitatiewe, empiriese analise asook kwantitatiewe analises in die daaropvolgende hoofstuk. Hier word ook verwys na die Duitse immigrant se rol in die politiek en staat in Suid-Afrika en moontlike invloede op die Bosoerlog van die 1970's en 1980's, wat deel was van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. In die nuwe Suid-Afrikaanse *heimat*, het die Duitse immigrante opnuut 'n sosialiseringproses deurgemaak in nuwe sosiale ruimtes in 'n heterogene samelewing aan die suidpunt van Afrika. In hoofstuk 6 word voortgegaan met die ondersoek na die transnasionaliteit van die Duitse immigrante deur middel van kwantitatiewe analises van 'n individu se transnasionale belewenisse, met Wolfgang Wehrmeyer as die hooffiguur.


Agtergrond waarteen die Duitse immigrante na Suid-Afrika gekom het

Ná die Tweede Wêreldoorlog (hierna genoem die oorlog) en die Potsdamverdrag van Augustus 1945, was daar by die Geallieerdes vrese vir hernude etniese konflik in Sentrale Europa weens oorbevolking. Die Geallieerdes het Europese en veral Duitse emigrasie aangemoedig. Die *Intergovernmental Committee for European Migration* is gestig en het ook finansiële ondersteuning vanaf die lidlande, soos Suid-Afrika en die Verenigde State van Amerika, ontvang.¹ Ongeveer sewe miljoen Duitsers het uit Pole gevlug, asook drie miljoen uit Tsjeggo-Slowakye en 'n paar honderdduisend van Hongarye na die besette Duitsland. 'n Verdere twee miljoen Duitsers het uit Rusland, Oekraïne, Roemenië, Joego-Slawië en die Baltiese lande voor die Russiese weermag gevlug. Ongeveer sewe miljoen van hierdie vlugtelingte het in Wes-Duitsland gaan woon, vier miljoen in Oos-Duitsland en drie miljoen in Oostenryk, Frankryk, Engeland, die VSA, Kanada, Suid-Afrika, Australië en die res van die wêreld.² Baie van die 65 982 Duitse immigrante na Suid-Afrika tussen 1945 en 1980, was ook oorspronklik vlugtelingte uit bogenoemde gebiede soos hierdie studie aandui.³

¹ Nasionale Suid-Afrikaanse Argiefbewaarpark, Hamiltonstraat, Pretoria, Argief van die Tesourie, Lêer, [48/45/9], Immigration – European Immigration Scheme. Expenditure i.c.w. Visits by officials of overseas countries i.c.w. Immigration matters – Individual cases. Kabinetsmemorandum: Subsidie wat betaal word aan die, South African Immigration Organisation, (SAMORGAN) en TRANSA (EDMS.) BPK., Kaapstad, Mei 1964, p.4; WPA, Transnasionale organisasies werkboek, p.42.

² P. Maeder, Expellees in Post-war Canada, in A. Freund, (ed.), *Beyond the nation? Immigrants' local lives in transnational cultures*, (University of Toronto Press, Toronto, 2012), p. 227.

³ S. Peberdy, *Selecting immigrants: National identity and South Africa's immigration policies 1910- 2008*, (Wits University Press, Johannesburg, 2009), pp. 268-273; WPA, Statistiese analises werkboek, p. 32. Sien aanhangsel 1.



Kaart 2: Die verspreiding van Duits volksgebiede in Europa in 1938. Das Grenzland=deutschum⁴

Toe die Duitse immigrante na Suid-Afrika gekom het, is hulle simpatiek ontvang deur 'n groot gedeelte van die Afrikaanstalige gemeenskap. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is Suid-Afrikaners op hoogte gehou van verwickelinge vanuit Duitsland deur middel van Radio Zeesen wat uit Duitsland in Afrikaans uitgesaai het.⁵ Die persoon wat aan die hoof gestaan het van hierdie uitsendings was Erik Holm, 'n Suid-Afrikaner van Duitse afkoms, wat in 1924 op die ouderdom van 15 na Duitsland gegaan het om klassieke argeologie te studeer.⁶ Nadat hy sy doktorsgraad verkry het, het hy nog 'n jaar kuns aan die Akademie van Leipzig studeer, waar hy Elly Pabst ontmoet het, wat sy vrou, asook 'n bekende kunstenaar in Duitse en Afrikaanse kunskringe in Suid-Afrika sou word.⁷

In sy studentejare het Holm Hitler persoonlik ontmoet en was hy beïndruk met Hitler se bewondering en kennis van die Boere en die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902). Hitler het aan hom gesê dat Generaal C.R. De Wet een van die mees geniale

⁴ M. Behl, F.W. Dukgers, *Historischer Schul=Atlas*, (Verlag von Belhagen & Klasing, Bielefeld und Leipzig, 1938), p. 123.

⁵ E. Holm & R. Kirsten, *Man en standpunt*, (Môrester en Noord-Transvaler, Potgietersrus, 1960), p. 7.

⁶ E. Holm & R. Kirsten, *Man en standpunt*, p. 8.

⁷ E. Holm & R. Kirsten, *Man en standpunt*, p. 10.

bevelvoerders was wat die wêreld ooit opgelewer het.⁸ Dit dien as bewys van hoe ineengestrenge die geskiedenis van Suid-Afrika en Duitsland was.

Tussen 1933 en 1939 het Holm saam met sy Duitse vrou na Suid-Afrika teruggekeer en as onderwyser in Natal begin werk. Aan die begin van 1939 het Holm en sy familie Suid-Afrika weer verlaat, nadat hy 'n pos as uitsaaier in Duitsland aangebied is.⁹ 'n Week ná sy eerste uitsending is Holm deur P.J. Goebbels, die Duitse minister vir propaganda ingeroep en is sy salaris verdubbel.¹⁰

Die groep Suid-Afrikaners wat in Duitsland by Radio Zeesen was, was op hoogte met alles wat in Suid-Afrika gebeur het en kon onmiddellik daarop reageer in hulle uitsendings.¹¹ 'n Geheime radiosender in Suid-Afrika het nuus na Duitsland gesein.¹² Die radio is tans in besit van die Erfenisstigting by die Voortrekkermonument te Pretoria.¹³



Figuur 14: Die radio wat gebruik is om geheime boodskappe na Duitsland te sein¹⁴

As joernalis het Holm die oorlog ervaar van Duitse kant af. So was hy teenwoordig by Duinkerken,¹⁵ Dieppe, Parys, Nederland, Vlaandere, die Skandinawiese lande,

⁸ E. Holm & R. Kirsten, *Man en standpunt*, p. 10.

⁹ E. Holm & R. Kirsten, *Man en standpunt*, pp. 11-13.

¹⁰ E. Holm & R. Kirsten, *Man en standpunt*, p. 14.

¹¹ E. Holm & R. Kirsten, *Man en standpunt*, p. 17.

¹² E. Holm & R. Kirsten, *Man en standpunt*, p. 21.

¹³ WPA, H.W. Wehrmeyer, *My herinneringe en aantekeninge oor die verlede en hede*, p. 33. Nota: Mev. Maryna Venter van die Noordwes-Universiteit van die Ferdinand Postma-biblioteek in gesprek met Hermann Wehrmeyer op 2015.02.23.

¹⁴ M. Venter, [marynaventr@gmail.com], maryna venter wants to share "Holm" with you, private e-pos aan H.W. Wehrmeyer, [hermann@fitzanne.co.za], 2015.02.24, Foto: Radio Zeesen, Erfenisstigting bewaarplek, Voortrekkermonument, Pretoria.

¹⁵ E. Holm & R. Kirsten, *Man en standpunt*, p. 17.

Finland, Rusland en Stalingrad.¹⁶ Sy laaste ontmoeting met Hitler was by Smolensk op 13 Maart 1943, saam met Joseph Goebbels.¹⁷

Holm het sonder om sy identiteit as Afrikaner prys te gee, homself in 'n groot mate met die Duitse volk vereenselwig. Albei hierdie volke het geveg teen Britse imperialisme, hoewel op verskillende vlakke en op verskillende maniere. Hy het die Duitse volk as die laaste bolwerk teen Bolsjewistiese Kommunisme gesien. Duisende nie-Duitse Europeërs het Hitler as die groot vegter teen Kommunisme gesien. Sowat 25 000 soldate van die Franse Vreemde Legioen het in 'n stadium aan die Oosfront teen die Russe geveg.¹⁸ Ook uit Spanje het daar duisende vrywilligers gekom om aan die Oosfront te veg.¹⁹

Tydens die oorlog het Holm 'n boekie²⁰ oor die geskiedenis en kultuur van die Afrikaner in Duitsland geskryf en gepubliseer. Die boekie se titel was *Die Buren-Land-Volk-Geschichte*.²¹ Die belangstelling in die Afrikaners was groot en binne ses dae is die eerste oplaag van 60 000 uitverkoop. Daar was ook baie belangstelling onder die Afrikaners in die Duitse samelewing.²² So het Holm verbindings tussen Suid-Afrika en Duitsland geskep. Vanselfsprekend was Suid-Afrika ná die oorlog vir die Duitsers nie 'n onbekende land nie.

Gunter Kruger vertel dat hy en sy kamerade in die *Hitlerjugend* 'n lied gesing het oor Oom Paul en sy dapper Boere wat teen die magtige Engeland geveg het. Hy het die lied nog so goed geken, dat hy tydens die onderhoud met die lied weggeval het en verskeie strofes gesing het. Dit in die ouderdom van 81.²³

Die uitsendings van Radio Zeesen het benewens nuus, ander onderwerpe gedek, soos opvoerings onder die opskrif "Die Volkswording van die Afrikaner". Afrikaanse prosa is voorgelees, praatjies oor musiek, debatte oor aktuele onderwerpe en selfs reekse vir kinders is gelewer.²⁴

Sielkundige brûe is gebou tussen Suid-Afrika en Duitsland, met die film van "Oom Paul" wat deur die Duitsers gemaak is oor die lewe van President Paul Kruger en sy

¹⁶ E. Holm & R. Kirsten, *Man en standpunt*, p. 23.

¹⁷ E. Holm & R. Kirsten, *Man en standpunt*, p. 29.

¹⁸ E. Holm & R. Kirsten, *Man en standpunt*, pp. 19-20.

¹⁹ K. Höffkes, (ed.), DVD reeks van 5 DVD's: *Der Zweite Weltkrieg*, DVD1, *Europa in Flammen – Die Kriegsjahre*, (Medien GmbH Polar Film, Essen, 2014).

²⁰ Die naam en die besonderhede van die boekie word nie in die teks van boek, of elders genoem nie. Daar word net na 'n "boekie" verwys.

²¹ Op navraag by een van die seuns van E. Holm, Dieter Holm, kon hy die naam van die boekie bevestig en dat hy 'n kopie van sy vader ontvang het: E. Holm, *Die Buren-Land-Volk-Geschichte*, (Deutscher Verlag, Berlin, 1942); D. Holm, [dieterholm@worldonline.co.za], E. Holm, Man en standpunt, *Die Buren-Land-Volk-Geschichte*, private e-pos aan H.W. Wehrmeyer, [hermann@fitzanne.co.za], 2015.09.21.

²² E. Holm & R. Kirsten, *Man en standpunt*, p. 20.

²³ WPA, MO (2B), G.H. Kruger, (81), Thabela Gastehuis, Pretoria – Noord, 2012.03.22, (NF34, CD: U-20).

²⁴ E. Holm & R. Kirsten, *Man en standpunt*, p. 19.

Boere in hul stryd teen Britse Imperialisme. Die aand van die eerste vertoning is deur A. Hitler, P.J. Goebbels en H. Göring bygewoon.²⁵

In Mei 1948 het die Nasionale Party aan bewind gekom en alle Duitse politieke gevangenes wat tydens die Tweede Wêreldoorlog geïnterneer was of in gevangeskap was, weens hul bedrywighede vir die Nasionaal Sosialistiese Duitsland, en wat skuldig was aan hoogverraad, is vrygestel. Ook is die deure vir Duitse immigrante na Suid-Afrika oopgegooi.²⁶

Die redes vir Duitse immigrasie na Suid-Afrika was uiteenlopend en het meestal berus op individuele besluitneming. Sommige het na Suid-Afrika gekom deur persoonlike kontakte, o.a. deur familie in Suid-Afrika. Ander is gemotiveer deur reisende intellektueles of studerende Suid-Afrikaanse studente in Duitsland. Nog ander is gemotiveer deur Duitsers wat Suid-Afrika besoek het of deur advertensies in vaktydskrifte wat poste geadverteer het.

In 1952 het Siegfried Kittel, na sy opleiding as elektrotegnikus, gevoel daar is geen toekoms vir hom en sy jong vrou in Duitsland nie. Hy het familie in Suid-Afrika gehad wat vir hom borg gestaan het en hulle het met 'n Union Castle passasierskip na Durban gereis. Hy het vir 21 jaar by Siemens, 'n filiaal van die Duitse firma in Suid-Afrika, gewerk.²⁷

Matt Ramakers is in Düsseldorf gebore en was 'n Duitse immigrant. Sy ouers was van Belgiese afkoms. Hy het geen probleem gehad om met Afrikaners te kommunikeer nie omdat hy Vlaams by sy ouers geleer het. Lore, Ramakers se vrou, het in Duitsland Engels geleer en het verkies om in Engels te praat tydens die onderhoud. Die weer in Duitsland was te koud vir Lore en van Brasilië se bedompige warm weer, waar sy vir 'n ruk gewoon het, het sy ook nie gehou nie. Lore se broer Alexander Arend het in Vanderbijlpark gewoon en het Lore en Matt vertel van die wonderlike weer in Suid-Afrika en so, deur sy bemiddeling het die Ramakers in 1956 na Suid-Afrika geïmmigreer. Die weer in Suid-Afrika het hul beide geval, veral die droë lug.²⁸ Hierdie is maar twee voorbeelde en elke respondent het sy eie verhaal te vertel.

Duitse immigrante in Suid-Afrika ná 1945 – statistieke

Na die Tweede Wêreldoorlog was die grense vir Europese immigrante na Suid-Afrika wyd oop. Duitse immigrante was, naas Britse immigrante, die mees talryke groepering om ter plaatse opgeneem te word. Nederlanders was die derde en dan

²⁵ E. Holm & R. Kirsten, *Man en standpunt*, p. 21.

²⁶ E. Holm & R. Kirsten, *Man en standpunt*, p. 45.


²⁷ WPA, MO (2B), H.S. Kittel, (85), Krugersdorp, 2012.11.07, (NF28, CD: V-21,22).

²⁸ WPA, MO (2B), M. Ramakers, (82), Drie riviere, Vereniging, 2012.03.15 (NF29, CD: V-7,8).

die Portugese die vierde grootste groep om na die land te kom.²⁹ Hier volg data vir immigrasie van 1945 tot 1960. Sien volledige data vir 1945 tot 1980 in aanhangsel 2.

	1945	1946	1947	1948	1949	1950	1951	1952	1953	1954	1955	1956	1957	1958	1959	1960	Totale
Duitsland	11	57	216	272	554	1885	2406	2428	2889	2162	1959	1677	1211	1326	1203	896	21,152
Nederland	8	279	972	2052	1756	2233	2595	4512	3503	3301	2964	1848	1288	1988	1823	538	31,660
VK	2088	7819	25005	30730	10056	6258	7112	8212	7090	7377	6967	6805	7639	8498	6918	5209	153,783
Portugal	47	81	175	214	193	243	252	535	466	747	986	1076	642	640	633	940	7,870

Tabel 1: Die vier hoofgroepe immigrante na Suid-Afrika, 1945-1960, Duitsland, Nederland, die Verenigde Koninkryke, Portugal³⁰



Grafiek 1: Grafiek van statistieke van die Duitse immigrante soos dit vergelyk met Verenigde Koninkryke, Nederlandse en Portugese immigrante, wat die vier vernaamste groepe van immigrasie na Suid-Afrika was, 1945-1960³¹

Waar het die Duitse immigrante vandaan gekom? Geen statistieke kon gevind word nie. 'n Analise van die 75 respondente met wie onderhoude gevoer is se herkoms

²⁹ S. Pederdy, *Selecting immigrants: National identity and South Africa's immigration policies*, 1910-2008, pp. 268-273; WPA, H.W. Wehrmeyer, *Statistiese analises werkboek*, p. 32. Sien aanhangsel 1.

³⁰ S. Pederdy, *Selecting immigrants: National identity and South Africa's immigration policies*, 1910-2008, pp. 268-273; WPA, H.W. Wehrmeyer, *Statistiese analises werkboek*, p. 32.

³¹ WPA, H.W. Wehrmeyer, *Statistiese analises werkboek*, p. 33.

gee egter 'n aanduiding. 53% Immigrante het uit Wes-Duitsland gekom, wat ná die oorlog onder Geallieerde toesig was. Uit Oos-Duitsland het 11% gekom, wat onder Russiese toesig was en 31% het aangedui dat hulle oorspronklik van die Oostelike gebiede afkomstig is, wat onder andere uit Wes- en Oos-Pruse, Pommern, Danzig, Memel en Schlesien bestaan het. Hulle was gesien as vlugtlinge wat deur die Russe van hul grond af verdryf is. Van die respondente het 3% uit Oostenryk gekom en ander Duitsers, wat in Tanzanië en Namibië gebore is, Duits gepraat het en deels in Duitsland grootgeword het, was 1%.³²



Kaart 3: Kaart van Duitsland en Oos-Europa³³

In terme van die drie generasies konvensie, het die eerste generasie die oorlog as volwassenes ervaar, die tweede generasie as kinders en die derde generasie is dié wat ná 1945 gebore is.³⁴ Vir die doeleindes van hierdie studie is 'n analise van 75 respondente gemaak. Die eerste generasie is gebore tussen 1896 en 1929 en het nog aan die oorlog deelgeneem as soldate of was in die *Reichs Arbeitsdienst*. Die tweede generasie is tussen die jare 1930 tot 1945 gebore en het die oorlog as kinders beleef. Die derde generasie is dié wat na 1945 tot ongeveer 1960 gebore is.

³² WPA, H.W. Wehrmeyer, Statistiese analises werkboek, p. 36.

³³ WPA, Map of Germany, *Lantern*, 11(4), April – Junie 1962, p. 130.

³⁴ M. Laney, Transnational migration and national memory: How German rocket engineers became Americans in Huntsville, Alabama, (Ph.D., ProQuest LLC, Ann Arbor, 2010), pp.14-15.

Die eerste generasie immigrante wat na Suid-Afrika gekom het, was 37% van die totale populasie, die tweede generasie was 55% en die derde generasie 8% daarvan. Dus het 92% van die Duitse immigrante die volle impak van die Nasionaal-Sosialisme en die lang oorlog beleef. Die gebeure in Europa was deel van hulle identiteitsvormingservaring.³⁵

Die Duitse identiteit en Nasionaal-Sosialisme

Immigrante bring lewens- en wêreldbeskouings, wat reeds in hul land van herkoms gevorm is, met hulle saam. In hulle land van herkoms het hulle ook reeds hul eie identiteit gevorm. Wanneer immigrante nasionale grense oorbrug na 'n nuwe land met unieke uitdagings en groter kulturele diversiteit soos Suid-Afrika, met sy heterogene samelewing, vorm hulle 'n nuwe transnasionale identiteit. Voordat mens hierdie transnasionale identiteit van immigrante kan ondersoek, moet mens eers die herkoms-identiteit, of tuisland-identiteit verstaan.

Die identiteit van die Duitse immigrante ná 1945, asook die eerste en tweede generasies in terme van hierdie studie, was heel anders as enige Duitse immigrante voor hulle en ook na hulle. Hulle is deur die groot 'drukkoker' van die Nasionaal-Sosialistiese ideologie en ervaringsmilieu. Die vraag kan gevra word: "Hoe het die identiteit van hierdie Duitse immigrante daarna uitgesien?"

Nasionaal-Sosialisme wou nie net in Duitsland 'n diktatuur daarstel nie, dit wou die hele lewe van elke burger bepaal. Die Nazi's wou 'n nuwe tipe mens skep wat die sisteem en die Führer sou dien sonder om vrae te vra.³⁶

Die Nasionaal-Sosialistiese organisasies soos die *Jungvolk*, *Hitlerjugend (HJ)*, *Jungmädel*, *Bund deutscher Mädel (BDM)* en die *Reichs Arbeitsdienst (RAD)* as Nasionaal-Sosialistiese bewegings het 'n sterk invloed gehad op die vorming van die Reichs Duitse identiteit. Die jeug moes voorberei word volgens Hitler se droom van 'n "Arisches Volk".

Tydens 'n toespraak in Nürnberg in 1938 het Hitler sy plan met die Duitse jeug uitgestippel. Die jeug moes leer om soos Duitsers te dink en te handel, volgens Hitler se eie Duitse ideaal.

Op die ouderdom van 10 het hulle in die Nasionaal-Sosialistiese organisasies inbeweeg – die eerste vier jaar in die *Jungvolk* en vanaf die ouderdom van 14 in die

³⁵ WPA, H.W. Wehrmeyer, Statistiese analises werkboek, p. 38.

³⁶ M. Roddewig, Flink wie Windhunde, zäh wie Leder, hart wie Kruppstahl, www.dw.De/flink-wie-windhunde-zäh-wie-leder-wie-kruppstahl/a-16370229#, geraadpleeg, 2015.03.04.

Hitlerjugend in. Na nog 4 jaar is hulle opgeneem in die Nazi Party en ander Nazi-organisasies, en vandaar af is hulle vir die res van hul lewens lank gebind.³⁷

In hierdie organisasies is die Duitse jeug opgelei om die toekomstige leiers te wees in die duisendjarige *Dritte Reich*. Daar is hoë vereistes aan hulle gestel.³⁸ In die jeugorganisasies is gefokus op staptogte en veldkampe, soms net 'n tentkamp in die woud, 'n paar kilometer van die huis af. Die fokus was op avontuur, wat nog voor hierdie periode oor die algemeen onbekend was vir die gewone burger. 'n Bepaalde mentaliteit is tuisgebring, wat meegebring het dat baie Duitse immigrante na Suid-Afrika avontuurlustig was.³⁹ Frische vertel dat die Stadtmission-gemeentes dikwels in die 1950's reise na die Okavango gereël het – kampe, safari's, *Freizeiten* – en op dié manier is nuwe Duitse immigrante aan die evangelie van Jesus Christus bekendgestel en vir die gemeentes gewerf.⁴⁰

Deur middel van die massamedia, soos koerante en bioskope, is Hitler se uitdaging aan die jeug tydens die *Reichsparteitag* van 14 September 1935 uitgedra:

Flink wie Windhunde, zäh wie Leder, hart wie Kruppstahl.

Dit beteken dat die jeug so vinnig soos windhonde, taai soos leer en hard soos Kruppstaal moes wees. Die Krupffirma in Duitsland het staal vervaardig waarmee wapentuig en kanonne gemaak is. Dit was hoe die jeug moes wees volgens Hitler se ideaal. Dit het 'n populêre uitdrukking geword, wat vandag nog in die Duitse volksmond, sonder nadenke oor wie die uitdrukking geformuleer het, geuiter word.⁴¹

In die volgende 4 afdelings word gekyk na Nasionaal-Sosialistiese organisasies wat deel was van die vorming van die Duitse identiteit gedurende hierdie periode. Daarna word godsdiens, die invloed van Piëtisme en Nasionaal-Sosialisme bekyk. Verder word die emosionele aspekte soos Duitse *angst*, skuldgevoel en 'n positiewe uitkyk vir die toekoms, bespreek.

Jungvolk en Hitlerjugend

Die *Jungvolk* is in die volksmond genoem die *Pimpfe*. Wolfgang Wehrmeyer, wat in 1933 gebore is, het in 1943, op 10-jarige ouderdom toelating tot die *Pimpfe* gekry. Teen die einde van die oorlog, in 1945, was hy twaalf jaar oud en nooit werklik in die *Hitlerjugend (HJ)* nie. In Wehrmeyer se verhale het hy vertel dat hy in die *Hitlerjugend* was. Hy wou graag die beuel blaas, maar was nie musikaal aangelê nie

³⁷ K. Höffkes, (ed.), *Alltag unterm Hakenkreuz, Folge 2: Hitlers Hoffnungsträger*, (Schröder Media, Handels GmbH, Gescher, 2012).

³⁸ K. Höffkes, (ed.), *Alltag unterm Hakenkreuz, Folge 2: Hitlers Hoffnungsträger*.

³⁹ K. Höffkes, (ed.), *Alltag unterm Hakenkreuz, Folge 2: Hitlers Hoffnungsträger*.

⁴⁰ WPA, MO (2B), M.H. Frische, Grasfontein, Pretoria, 2012.04.30, (NF36, CD: T-6); M. Frische, Ins Wasser fiel ein Stein, in *Chrischona Panorama*, 1(15), Februar- März 2015, p. 62.

⁴¹ K. Höffkes, (ed.), *Alltag unterm Hakenkreuz, Folge 2: Hitlers Hoffnungsträger*.

en met 'n tikkie weemoed het hy vertel dat hy uitgevang is en dat die res van die kamerade vir hom gelag het.⁴² Onder die dekmantel van speletjies het die kinders waaksaamheid en dissipline geleer.⁴³

Die *Jungvolk* het met windbukse en die *Hitlerjugend* met kleiner kaliber gewere leer skiet. Daar is bepaalde Suid-Afrikaanse ooreenkomste vir die tydperk onder bespreking. In die 1970's en 1980's, tydens die Grensoorlog in Suid-Afrika, is die jeug ook op skool in die gebruik van vuurwapens opgelei. Alle blanke hoërskoolseuns moes aan kadette deelneem en sommige het ook vrywillige kadetkampe meegemaak, waar hulle militêre opleiding ontvang het.⁴⁴ Die Duitse immigrante en hulle nakomelinge het dit gelate aanvaar en megedoen. Lienhard Rüsç is trots dat sy drie seuns, wat in Suid-Afrika grootgeword het, in die tydperk 1970-1988, al drie 'n soliede militêre opleiding ontvang het. Rüsç glo: "*Wer gut schießt, lebt länger!*"⁴⁵ (Wie goed kan skiet, leef langer!).

In die *Hitlerjugend* was daar duidelike negatiewe aspekte, wat nie weggeredeneer kan word nie, maar daar was ook baie positiewe aspekte wat nie geïgnoreer kan word nie. Om dit te misken, is soos om die baba met die badwater uit te gooi. Die Nazi-ideologie ten opsigte van rasse-ideologie is duidelik ná die oorlog deur die Geallieerde Magte aan die Duitse bevolking uitgewys deur die denazifiserings-program. Dit het die Duitse immigrante na Suid-Afrika sensitief gemaak teenoor Apartheid. Gisela Nicholson, gebore Böttiger, was 'n uitgesproke kritikus van Apartheid en sy is oortuig daarvan dat sy 'n lêer gehad het by die Buro van Staatsveiligheid (Buro for State Security, in die volksmond, BOSS). Vir haar was die Apartheidsistiem baie soos die Nasionaal-Sosialistiese sistiem waaronder sy grootgeword het en die Kommunistiese sistiem direk ná die oorlog, in Leipzig, Oos-Duitsland.⁴⁶

Die Nazi-ideologie het blinde lojaliteit vereis, maar dit kon omgeskakel word na realistiese lojaliteit. In Rüsç se persoonlike biografie noem hy die punt van blinde gehoorsaamheid in die weermag. Hy noem dat, in die Duitse manier van handel en spraak, 'n junior hom altyd kon uitspreek teen wat hy geglo het verkeerd was.⁴⁷

Die *Reichsjugendführer*, Arthur Axmann, het verklaar dat die verskille tussen die adel en gewone Duitse burgers deur die *Gleichschaltung*-ideologie uitgewis moes word en dat dit inderdaad in die *Hitlerjugend* leierskap so was:

⁴² WPA, MO (1B), H.W. Wehrmeyer, (54), Kroonstad, 1987.02.01, (NF01), (CD: W-20).

⁴³ K. Höffkes, (ed.), *Alltag unterm Hakenkreuz, Folge 2: Hitlers Hoffnungsträger*, (Schröder Media, Handels GmbH, Gescher, 2012).

⁴⁴ H.W. Wehrmeyer, Van troep tot offisier 1981-1983, (Ongepubliseerde memoires, Pretoria, 2004).

⁴⁵ WPA, MO (1B), L.L.R. Rüsç, Erlebnissen, Erfahrungen und Berichte, 2. Weltkrieg, (Ongepubliseerde memoires, Pretoria, 2009), p. 81.

⁴⁶ WPA, MO (1B), G.M. Nicholson, gebore Böttiger, (76), Groenkloof, Pretoria 2012.06.16, (NF10, CD: X-8).

⁴⁷ WPA, MO (1B), L.L.R. Rüsç, (87), Garsfontein, Pretoria, 2011.06.01, (NF4, CD:X-1).

Dit gaan nie oor jou afkoms, of onder watter omstandighede jy in die wêreld gekom het nie, dit gaan oor jou karakter en jou eie persoonlike handeling en sukses.⁴⁸

Die *Hitlerjugend* seuns is aangemoedig om waaghalsig te wees en vreesloosheid en dapperheid is geprys. So ook stiptelikheid, netheid, dissipline en gehoorsaamheid. Van jongs af moes die kinders praktiese vaardighede en beroepe aanleer. Daar is van hulle verwag om ander tale soos Frans en Engels aan te leer. Hulle moes begrip hê van hoe myne, fabrieke en plase funksioneer omdat hulle in die toekoms die politieke leiers in die verowerde lande sou wees. Hulle moes kennis van mense hê, omdat hulle mense sou hê wat onder hulle sou werk. Daar is gefokus op gehoorsaamheid, hoe om bevele te gee en te verwag dat dit gehoorsaam word. Ook moes hulle gekultiveerde mense wees en is hulle geleer om te dans en musiek te waardeer, veral Duitse en klassieke musiek.⁴⁹



Figuur 15: Een van die Wehrmeyers wat in *Hitlerjugend* was, uit Louis Spiegelers, gebore Wehrmeyer, se foto-album⁵⁰

⁴⁸ A. Axmann, *Hitlerjugend, "Das kann doch nicht das Ende sein"*, (Karl Müller Verlag, Koblenz, 1995), p. 53.

⁴⁹ K. Höffkes, (ed.), *Alltag unterm Hakenkreuz, Folge 2: Hitlers Hoffnungsträger*.

⁵⁰ WPA, L. Spiegelers-fotoversameling, (86), Settrup-Schale-Hopsten.

Hierdie aspekte het 'n dimensie in die Duitse identiteit geword, wat ook oorgedra is deur die Duitse immigrante na Suid-Afrika en wat hulle as't ware 'stoomrollers' gemaak het. Hulle is opgewek tot 'n momentum en dinamiese dryfkrag, wat ná die oorlog eenvoudig soos 'n vloedgolf voortgegaan het. Mismoedigheid en swakheid is glad nie geduld nie. Teleurstellings is eenvoudig uit die pad verwyder en alle moontlikhede is ondersoek en beproef om sukses te behaal. Klaus Leschner het in Suid-Afrika aangekom met geen besittings nie. Hy het werk by 'n myn gekry. 'n Afrikaner wat hy leer ken het, het kort-kort by hom geld geleen, maar met lang stories kon die Afrikaner nie sy skuld betaal nie. Hy het toe vir Leschner die helfte van sy steenmakery-onderneming in ruil vir sy skuld aangebied, maar as gevolg van die Afrikaner se onvermoë om met geld te werk, het Leschner later die hele besigheid oorgeneem.⁵¹

Die besigheid het bestaan uit 'n stuk grond met klei, 'n aantal werkers met pikke, grawe, kruitwaens, 'n donkie en 'n ou 'tipper lorrie' om die bakstene mee af te lewer. Nuwe grawe was na die oorlog onverkrybaar, maar Leschner het 'n paar splinternuwes by die myn vir homself "georganiseer". Die ou vragmotor se een wiel was so sleg dat dit elke paar kilometer met die hand opgepomp moes word. 'n Besigheidsprojek om skape vir die publieke mark aan te koop en vet te voer, het misluk, maar die teleurstelling kon hom nie onder kry nie. Leschner is vandag 'n welvarende pensionaris wat sy tyd spandeer tussen Suid-Afrika en Duitsland (waar hy ook 'n huis besit), afhangende van waar die klimaat die aangenaamste is.



Figuur 16: Klaus Leschner se steenmakery⁵²

⁵¹ WPA, MO, (3B), K. Leschner, Fairlands, Randburg, 2013.07.20, (NF59, CD: Y-19, 20).

⁵² WPA, K. Leschner-fotoversameling, (83), Fairlands, Johannesburg.

Leschner het in Suid-Afrika die *Hitlerjugend*-beginsel van marsjeer en sing met sy werksmense toegepas. Sy steenmakery het op die ou Egiptiese beginsel berus – hande-arbeid. Die klei is met pikke losgekap, met grawe op kruywaens gelaai en met 'n donkiemeul gebrei. Die stene is op massiewe reghoekige hope gepak met strooi tussen-in. Daarna is die strooi aan die brand gestee en die hitte het die bakstene kliphard gebak. Terwyl die nie-blankes gewerk het, het Leschner vir hulle musiek gespeel oor luidsprekers en so hulle produktiwiteit verhoog, in ooreenstemming met die Afrika-manier van werk.⁵³

Nadat die Port Elizabeth-tak van West Bodies, waar Wolfgang Wehrmeyer hoof van die tegniese afdeling was, gesluit het, het hy besluit om saam met Afrikaners in Kroonstad 'n staalvensterfabriek te begin. Die ouer gevestigde staalvensterfabriek wat die streek bedien het, het hul pryse met 40% verminder. Kroonstad Staalventers (Edms.) Bpk., kon nie hul produkte verkoop kry nie en die skuld het opgehoop. Die projek was 'n totale mislukking. Wehrmeyer het die waarde van vier splinternuwe middelslag motors verloor. Hy het sy moed bymekaar geskraap en 'n ou verwaarloosde huis gekoop en met sy vier seuns wat in die laer- en hoërskool was, die huis nuut oorgebou. Vyf jaar later kon hy die huis verkoop vir 'n goeie prys en 'n nuwe besigheid begin met dié geld as kapitaal. Hy was suksesvol met sy volgende besigheid, Kroonstad Pandwinkel, wat hy later weer verkoop het teen 'n wins.⁵⁴

Jungmädel en Bund deutscher Mädel

Vir die meisies was daar organisasies soos die *Jungmädel* en die *Bund deutscher Mädel* (BDM). Die *Jungmädel* was vir meisies tussen die ouderdomme 10-14 en die *Bund deutscher Mädel* vir meisies tussen die ouderdomme 14-18. In jeugbewegings vir meisies was die fokus grotendeels op sportaktiwiteite. Dit was vir hulle iets heeltemal nuut. Veral gimnastiek, swem, draf en stap in die natuur het aandag geniet. Daar is onderrig gegee oor die Nazi-geskiedenis en oor hul ideologie.⁵⁵ Annemarie Koch vertel dat almal entoesiasties was oor die *Bund deutscher Mädel*. Daar is deur die dorpe gemarsjeer en uit volle bors gesing. Meisies het wilde kruie in die veld en woude versamel, wat hulle gedroeg het en dan ingehandig het vir gebruik deur die soldate. Rook vir meisies was streng verbode, oordadige grimering is nie toegelaat nie en so ook buitensporige haarstyle.⁵⁶

Die *Bund deutscher Mädel*, net soos die *Hitlerjugend*, het deur middel van 'n leierskapstruktuur gefunksioneer en daar was altyd aansporing en erkenning om die volgende vlak van leierskap te bereik. Feeste was groot geleenthede. Almal was in

⁵³ WPA, MO, (3B), K. Leschner, Fairlands, Randburg, 2013.07.20, (NF59, CD: Y-19, 20).

⁵⁴ WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (75), Bothaville, 2008.05.01, (NF1, CD: V-14).

⁵⁵ A. Koch, Lebenserinnerungen von Annemarie Koch, (Ongepubliseerde memoires, Stettin, 1997), p. 25.

⁵⁶ A. Koch, Lebenserinnerungen von Annemarie Koch, p. 26.

uniforms geklee en die gevoel van kameraadskap, gebondenheid en vriendskap was kosbaar vir almal.⁵⁷

In 1943 het Arthur Axmann die *Reichsjugendführer*, die *Hitlerjugend* en *Bund deutscher Mädel* begin militariseer. Deur Axmann se assistent Heinrich Hartman is daar met Albert Speer, wat die hoof van wapenrusting in Duitsland was, saamgewerk om die Duitse jeug te betrek om te help met die massavervaardiging van wapens en ammunisie.⁵⁸ Hulle is ook aangewend by telekommunikasie, poswese, spoorweë, brandweer, lugafweer⁵⁹ en die insameling van oeste.⁶⁰

So gab ich (Axmann) für die Arbeit des Jahres 1943 die Losung "Kriegseinsatz der Hitlerjugend" heraus. In dieser Zeit kündigte der Oberbefehlshaber der Luftwaffe, Reichmarschall Hermann Göring... die älteren Schüler der höheren Lehranstalten zum Dienst bei der Heimatflak (Flakartillerie) heranzuziehen.⁶¹

So gee ek (Axmann) vir die Arbeidsjaar 1943 die volgende leuse: "Oorlogspoging van Hitlerjugend", uit. In die tyd het die hoof van die Duitse lugmag, Ryksveldmaarskalk, Hermann Göring ... die ouer skoliere opgeroep, van hoërskoolouderdom, tot diens in die tuislugafweer eenhede.

Axmann het die jaar 1943 se slagspreuk vir die *Hitlerjugend* soos volg geformuleer; "Oorlogvoorbereiding vir die *Hitlerjugend*." Die hoof van die Duitse lugmag, Veldmaarskalk Hermann Göring, het terselfdertyd beveel dat die *Hitlerjugend* diens moes doen met lugafweerkannone aan die tuisfront.

Gisela Kahler se vriendin, Annemarie Koch, was in die *Bund deutscher Mädel* 'n leidster. Sy het op die ouderdom van 10 jaar by die *Jungmädel* aangesluit en op 14 by die *Bund deutscher Mädel*. Almal in haar dorp wou graag deel wees hiervan. In die *Bund deutscher Mädel* het hulle 'n uniform gedra: 'n donkerblou rok en 'n wit bloes/hemp met 'n swart nekdoek. In 1936 het sy haar eerste somerkamp van twee weke aan die Oossee meegemaak. Soggens het almal aangetree vir 'n parade. Die *Hakenkreuz*-vlag is gehys, 'n dagstukkies is voorgelees en 'n lied is gesing. Die kamp het bestaan uit sang, sport, stap, asook onderrig in die Nazi-ideologie en geskiedenis. Almal was baie entoesiasies en het alles as vanselfsprekend aanvaar.⁶²

Die navorser was vanaf graad 6 tot in graad 12 in 1979 in die Voortrekkerjeugbeweging. Besonders geliefd was die April-Voortrekkerkampe op die plaas

⁵⁷ A. Koch, *Lebenserinnerungen von Annemarie Koch*, p. 27.

⁵⁸ A. Axmann, *Hitlerjugend*, "Das kann doch nicht das Ende sein", p. 371.

⁵⁹ A. Axmann, *Hitlerjugend*, "Das kann doch nicht das Ende sein", p. 332.

⁶⁰ K. Höffkes, (ed.), *Alltag unterm Hakenkreuz, Folge 2: Hitlers Hoffnungsträger*.

⁶¹ A. Axmann, *Hitlerjugend*, "Das kann doch nicht das Ende sein", p. 332.

⁶² A. Koch, *Lebenserinnerungen von Annemarie Koch*, pp. 24-26.

Doornkloof, naby Lindley in die Vrystaat. Soortgelyk as met die *Bund deutscher Mädel*, is die dag soggens begin met 'n oggendparade, die hysing van die Voortrekkervlag en die ou - Oranje, blanje, blou Suid-Afrikaanse nasionale vlag, skriflesing en gebed en die sing van 'n geestelike lied.

Tuis in die dorpie waar Koch gewoon het, is middae deurgebring met die sing van liedere en die leer van tekste en melodieë. Die *Bund deutscher Mädel* meisies het trots, in drie-gelid deur die strate van die dorpies gemarsjeer terwyl hulle luid en vrolik gesing het. Tussendeur het hulle versierings vir feesdae gemaak. Speletjiesmiddae was baie gewild. Vir programme saans was daar die, *Heimabend-Hefte*, 'n "Aandtuis" gedrukte handleiding, wat baie riglyne gegee het oor hoe om aandprogramme saam te stel. Op sportmiddae is daar aangetree, gemarsjeer en geoefen in gekose sportsoorte. Jaarliks was daar die *Reichjugend-Weltkämpfe*, die nasionale sportkompetisie, waaraan almal kon deelneem. Daar was bepaalde doelwitte in hardloop, spring en werp-items soos spies- en diskusgooi, vir elke meisie gestel, wat bereik moes word. Soos reeds gemeld, was Koch 'n leidster en moes saam met die ander leidsters opleiding gee aan die ander meisies. Sy het eers 'n kleingroepie-leidster geword en toe 'n grootgroep-leidster, waar sy agt dorpies onder haar leiding gehad het. Naweke was die leidsters altyd op pad, per fiets, na ander dorpies om daar leiding te gee. Dan het hulle in jeugherberge oornag. Vir haar was dit geen moeite nie en sy het dit baie geniet. Groot byeenkomste en gebeurtenisse was altyd 'n hoogtepunt en op sulke geleenthede kon mens die samesyn, kameraadskap en vriendskap onder mekaar ervaar. Die programme was indrukwekkend en het mens met begeestering gevul. Elke samekoms is afgesluit met die sing van die eerste strofe van die Duitse nasionale volkslied, *Deutschland, Deutschland, über alles, über alles in der Welt*. Mense was trots om Duitser genoem te word. Almal het mekaar met die uitgestrekte regterarm en oop hand gegroet en dan, *Heil Hitler!*, gesê.⁶³

Na die Duitse matriek, *Abitur*, moes Koch vir ses maande by die *Reicharbeitsdienst* aansluit en is sy na Altentreptow in Vorpommern gestuur in April 1944. Daar het sy diens gedoen by 'n familie met vyf kinders. Die vader was aan die gevegsfront en die moeder sieklik. Koch het 'n huishoudkundige matriek gehad en vertel dat hierdie opleiding haar baie gehelp het om die huis se pligte oor te neem, te kook, huis skoon te maak en die kinders te versorg. Op haar skoolgetuigskrif was 'n opmerking dat sy graag 'n laerskoolonderwyseres wou word en dit het die gevolg gehad dat sy gevra is om in 'n naburige dorpie 'n tydelike assistent-laerskooljuffrou vir die graadeentjies te wees. Weens toenemende lugaanvalle op Stettin is die kinders saam met hul onderwysers in 1942 na die eiland *Rügen* aan die Oos-kus verplaas. Almal is in hotelle en gastehuse geakkommodeer. Na die skoolklasse soggens moes die *Bund deutscher Mädel*-leidsters, waarvan Koch een was, aktiwiteite vir die kinders aanbied. Sport, sing en spele het meestal plaasgevind op die heerlike Oossee-strand en dan kon almal ook heerlijk swem. Deur die staptogte op die eiland het hulle die eiland leer liefkry. Verder moes die *Bund deutscher Mädel*-leidster help met higiëne-inspeksies. Daar was veral 'n probleem met luise. As luise gevind is, is die

⁶³ A. Koch, *Lebenserinnerungen von Annemarie Koch*, pp. 24-26.

kinders se hare gesny en hul koppe met “Cuprex” ingevryf. Die somermaande aan die kus was wonderlik. Kompetisies is gereël vir die mooiste sandkasteel en vir kore, asook vir sport.⁶⁴

Toe Koch van die *Bund deutscher Mädel* geskuif het na die *Reicharbeitsdienst*, het sy voortgegaan om aan die *Kinderlandverschickung*-program deel te neem. Sy vertel dat sy in 1943 saam met 'n groepie kinders was wat van die Ruhrgebied uit die weste van Duitsland gekom het. Hulle het die ernstige lugaanvalle beleef en veral in die aand het die klein meisietjies baie eensaam gevoel en bang begin raak. Dan moes Koch die meisies in haar arms vashou en troos. Sy het met haar trekklavier gespeel en vir hulle gesing. Dit was vir haar 'n onvergeetlike tyd.⁶⁵

Wilfried-Helmut Wehrmeyer, Wolfgang Wehrmeyer se broer, onthou nog goed die dag toe laasgenoemde tydens die *Kinderlandverschickung* met die trein vanaf Berlyn na Oos-Pruise gestuur is. Op die stasie waar al die ouers afskeid geneem het van hul kinders, het die kinders wat hul ouers moes verlaat 'n pakkie lekkergoed gekry. Lekkergoed was daardie tyd onverkrygbaar. Wolfgang Wehrmeyer het op een of ander manier 'n tweede pakkie lekkergoed in die hande gekry en dié vir sy broer Wilfried-Helmut gegee.⁶⁶ Wolfgang Wehrmeyer het vertel dat hy in Oos-Pruise in die stad Königsberg by 'n ou koetsbouer gewoon het.⁶⁷

Reichs Arbeitsdienst

Die eerste *Arbeitsdienst* in Duitsland het ontstaan in 1920 en is deur kerke, politieke partye en staatsorganisasies in die lewe geroep. Die projekte het padbou, drooglegging van moerasse en die heropbou van vervalde plase ingesluit. In 1932 is die eerste *Arbeitsdienst* organisasie vir dames begin. Hulle het die dames ou handvaardighede geleer, soos om wol te spin en te weef, plaaswerk soos die melk van koeie, insameling van oeste en ook om kinders groot te maak. In die proses is *Gleichschaltung* toegepas. Almal is op gelyke vlak behandel, maak nie saak wat jou sosiale agtergrond was nie. Ryk of arm, adel of werker.⁶⁸ Vanaf 1934 is die *Reichs Arbeitsdienst* uitgebrei en meer ontwikkel. Die jongmense is in vaardighede soos onder andere motorwerktuigkunde en in die klerebedryf opgelei. Nuwe *Arbeitsdienst lagers* is begin. Waar 'n tekort aan akkommodasie was, is eie wonings opgerig deur die jongmense, onder die leiding van opgeleide vakmanne. Die *Reichs Arbeitsdienst* was verpligtend vanaf die ouderdom 17 tot 18.⁶⁹ Op 14 September 1939 het *Reichs*

⁶⁴ A. Koch, *Lebenserinnerungen von Annemarie Koch*, pp. 31-35.

⁶⁵ A. Koch, *Lebenserinnerungen von Annemarie Koch*, pp. 31-35.

⁶⁶ WPA, MO (4B), W. H. Wehrmeyer (Wilfried-Helmut), (76), Plochingen, Stuttgart, 2012.05.20, (NF 82, CD: U-5).

⁶⁷ WPA, MO (1B), W. H. Wehrmeyer (Wolfgang), (54), Kroonstad, 1987.02.01, (NF01, CD: W-20).

⁶⁸ K. Höffkes, (ed.), *Filmarchiv Drittes Reich, Weltanschauung und Organisation, Männer und Maiden- Die Geschichte des Arbeitsdienstes*, (Polarfilm, Media GmbH, Gescher, 2013).

⁶⁹ K. Höffkes, (ed.), *Filmarchiv Drittes Reich, Weltanschauung und Organisation, Männer und Maiden- Die Geschichte des Arbeitsdienstes*.

Arbeitsdienst ook verpligtend geword vir meisies. Die dogter van 'n boer en die dogter van 'n graaf of baron het hulle saam in *lager* bevind, waar hulle almal aartappels moes skil. Langs hulle het die student en die fabriekswerker ook gesit. Almal het dieselfde drag gedra en was oortuig dat hulle met hul diens saam die volk dien.⁷⁰ Gisela Kahler, gebore Von Hennenberg, was deel van ou adellike familie wat van die Middeleeue afkomstig is. Daar was 'n hele landstreek genaamd die Graafskap van Von Hennenberg. Kahler se vader was 'n geëtrooide rekenmeester en het in 'n familiebesigheid gewerk wat die grootste mansuitrusters in Duitsland was. Toe ek haar uitgevra het oor haar afkoms, het sy selfbewus geraak en dit afgemaak as niks nie. Miskien die invloed van die *Gleichschaltung*? Kahler vertel dat sy en haar maatjie graag by die *Jungmädels* wou aansluit. Haar maatjie het blou oë en wit hare gehad en is dadelik aanvaar. Kahler was donker van gelaatskleur, met bruin oë en 'n groot haakneus, die "Hennenberg-Nase" soos sy dit noem. Aanvanklik moes daar eers ondersoek ingestel word of sy "Aries" was. Sy was aanvanklik beangs, maar dit het in vreugde verander nadat beampptes vasgestel het dat sy wel "Aries" was en by die *Jungmädels* kon aansluit.⁷¹

⁷⁰ K. Höffkes, (ed.), *Filmarchiv Drittes Reich, Weltanschauung und Organisation, Männer und Maiden- Die Geschichte des Arbeitsdienstes*.

⁷¹ WPA, MO (2B), G. Kahler, gebore von Hennenberg, (87), Garsfontein, Pretoria, 2012.10.18, (NF26, CD: V-18).



Figuur 17: Plakkaat van *„Dein beruf: Führerin im Reichsarbeitsdienst“*⁷²

Na 1941 is die *Arbeitsdienst* meer in die militêre dienste ingetrek en met gewere toegerus. Die *Arbeitsdienst* het ná skool begin en het eers ses maande geduur maar is later tot 'n jaar verleng. Die take wat die meisies moes verrig, het dienslewering in hospitale en by telekommunikasie-eenhede, die oppas van kinders in kinderryke families en hulp op plase ingesluit. Die *Reichs Arbeitsdienst* het in die verowerde gebiede gehelp met die bou van verdedigingstellings en in Rusland met die bou van paaie, treinspore en brûe.⁷³ Kahler moes *Reichsarbeitsdienst* doen. Sy het kinders opgepas, op plase gewerk en in 'n groot kombuis gehelp kosmaak.⁷⁴

⁷² WPA, Arbeitsdienst, www.bing.com/images/search?q=arbeitsdienst&FORM=HDRSC2,foto, Im fünften Teil dreht sich alles um 438x600jpeg.johannes.himmelreich, geraadpleeg, 2015.08.20.

⁷³ K. Höffkes, (ed.), *Filmarchiv Drittes Reich, Weltanschauung und Organisation, Männer und Maiden- Die Geschichte des Arbeitsdienstes*.

⁷⁴ WPA, MO (2B), G. Kahler, gebore von Hennenberg, (87), 2012.10.18, (NF26, CD: V-18)



Figuur 18: Gisela Kahler mit Freundin beim Küchendienst – met kombuisdiens.⁷⁵

Kahler vertel dat daar in 1943 'n groot lugaanval op Stettin was en dat hulle skool en teater vernietig is. Nadat sy haar skoolopleiding in Junie 1944 voltooi het, moes sy diens doen in die *Reicharbeitsdienst* en is sy gestuur vanuit 'n laer in Luisenhof by Pyritz. Die boerefamilies se mans was almal aan die oorlogsfront en die meisies moes hul werk op die plase doen. Die Pommerse boere was bekend vir hulle gansboerderye. Uiteraard was gans 'n gewilde hoofgereg op Kersdag. In die laer was Kahler-hulle nie so bewus van die oorlog nie. Hulle het baie gesing, hul eie teateropvoerings gehou en met perde en sleë op die sneeu gaan ry, maar Sondagmiddae, wanneer dit briewe-skrif-tyd was, het die spanning van die oorlog in hul harte kom lê. Dan het hulle gedink aan die Russe wat al hoe nader kom. Aan die begin van Februarie 1945 is die meisies in die laer meegedeel om hulself gereed te maak om die volgende dag per trein te vertrek. Hulle kon nie eers die mense op die plase gaan groet nie. In Stettin is hul na 'n ammunisiefabriek met 'n hoë muur gebring en daar moes hulle saam met krygsgevangenes en ander groepe werk. Hier moes Kahler en haar kamerade plofstof in houers plaas vir die maak van handgranate. Van soggens vroeg tot saans laat moes hulle werk, terwyl 'n opsigter hulle aangejaag het. Een dag in Maart 1945, toe hul daaglikse rantsoene uitgedeel is, het hulle 'n boodskap ontvang dat hulle die volgende dag op hul eie sou wees en na die weste toe moes vlug. So het Kahler dan haar vlugtog begin saam met twee vriendinne, Hannelore Uplegger en Susanne Frei.⁷⁶

Dit was destyds ook die doel van die *Bund deutscher Mädeln* om goeie moeders vir die Duitse volk te wees en om kinders vir die *Dritte Reich* te verskaf.⁷⁷ Duitse

⁷⁵ WPA, G. Kahler, gebore von Hennenberg, (87), fotoversameling, Garsfontein, Pretoria.

⁷⁶ WPA, G. Kahler, gebore von Hennenberg, *Gisela Kahler, ihrer Geschichte*, (Ongepubliseerde memories, Pretoria, 2014), pp. 5-12.

⁷⁷ WPA, MO (2B), G. Kahler, gebore von Hennenberg, (87), Garsfontein, Pretoria, 2012.10.18, (NF26, CD: V-18).

immigrant-vroue het hulle in die besonder toegelê op die opvoeding van hulle kinders en hulle kinders het vooraanstaande persoonlikhede in die Suid-Afrikaanse samelewing geword. Elly Holm het agt kinders gehad. Dieter Holm het 'n professor in argitektuur geword en word internasionaal gereken as 'n wêreldspesialis in omgewingsargitektuur.⁷⁸ Holm se ander seun, Erik Holm, is 'n professor in entomologie en lewer dikwels praatjies oor insekte oor die radio.⁷⁹

Verskeie van die Duitse vroue-respondente het aangedui dat hulle grootste bydrae tot Suid-Afrika die grootmaak van hul kinders was. Die resultaat sien mens daarin wat hul kinders bereik het in hul beroepslewens. Omdat die respondente in hul laat seniorjare is, is die meeste oumas. Hulle het geblyk gelukkig en tevrede te wees met hul kinders en kry vervulling in hul kleinkinders. Inge Steinberg⁸⁰ het vyf kinders gehad – een is 'n lektor aan die Universiteit van die Witwatersrand, een is 'n pastoor, 'n ander 'n professor aan 'n mediese fakulteit en 'n dogter is 'n vroedvrou. Elizabeth Krause⁸¹ het vier kinders gehad – die eerste is 'n verpleegsuster, die tweede 'n rekenmeester, die derde 'n bankbeampte en die vierde 'n onderwyseres. Hanna Herrmann se oudste seun, Martin, is 'n kardioloog en leef saam met sy familie in Australië. Haar ander kinders, Sabine en Marlis is onderskeidelik 'n tandartsassistent en 'n radiografis.⁸²

Siegfried Kittel, gebore in Memel, Litouë in 1927, was in die *Hitlerjugend* en in die “Lehre” van 1941-1944 en het so sy beroepsopleiding gedoen. Soos alle jong mans en meisies het hy ook *Reichs Arbeitsdienst* gedoen. Hulle het geleer om te marsjeer en te sing. Hy vertel hulle het snelweë, brûe en monumente gebou. Hulle het twee uniforms gekry, 'n wit en 'n kakie-bruin uniform. Hulle het met die wit uniform op die lande gewerk, maar mens moet onthou in Oos-Pruise was die grond sanderig en lym-agtig. Saans moes hulle hul klere silwerskoon was. Hulle beddens was drie-drie op mekaar gestapel en die matrasse was van strooi. Hulle moes ook hulle hul “spatels” (handgrawe) blink politoer. Dan, voor ontbyt soggens moes hulle op parade staan met hul grawe oor hul skouers vir inspeksie. Die *Feldhauptmann* (Kaptein) het dan die beste graaf uitgesoek om mee te skeer. Kittel vertel dat hulle hard moes werk, maar die kameraadskap onder mekaar was ongelooflik. Hy moes nog veg in Italië, maar teen daardie tyd was die oorlog al “*verloren Zeit*”, soos hy dit noem. Sy kameraad is voor hom doodgeskiet in 'n geveg.⁸³ Die aanleer van basiese beginsels van werksetiek het hom suksesvol gemaak in sy beroep.

⁷⁸ D. Holm, The German Contribution to Architecture, *Lantern* (S), Feb. 1992, pp. 70-75.

⁷⁹ Ek wil weet, Radio Pretoria. Prof Erik Holm, ons insektekundige en entomoloog, www.ekwilweet.co.za/index.php.paneel, geraadpleeg, 2015.08.22.

⁸⁰ WPA, MO (1B), I. Steinberg, (82), Garsfontein, Pretoria, 2012.07.17, (NF20, CD: U-13).

⁸¹ WPA, MO (1B), M.E.O.L.E. Krause, (86), Groenkloof, Pretoria, 2011.06.16, (NF9, CD: X-8).

⁸² WPA, MO (1B), J. Herrmann, (noemnaam, Hanna), (79), Garsfontein, Pretoria, 2011.09.11, (NF6, CD:V-19).

⁸³ WPA, MO (2B), H.S. Kittel, (85), Krugersdorp, 2012.11.17, (NF28, CD: V-21).



Figuur 19: Arbeitsdienst, drie manne met grawe⁸⁴

Helmut Stäcker het *Reichs Arbeitsdienst* gedoen en is opgeroep op 14 Januarie 1945 om na Driesen-Vordamm aan die Pommernse Poolse grens te gaan. Hulle moes stukke ys van die Oderrivier aphaak, om te probeer verhoed dat die ys saampak en dit vir die aankomende Russiese magte moontlik sou wees om oor die bevrore rivier te marsjeer. Vandaar is die groep *Arbeitsdienst* jongmanne van 16 jaar oud te voet, met rugsakke en voorraad van 25kg, asook 'n masjiengeweer, na die wesgrens van Duitsland gestuur. Hulle het eidelose kilometers deur die sneeu gemarsjeer en baie het in die sneeu bly lê en gesterf. Hulle het van Stettin in die ooste van Duitsland tot by Erfde in Schleswig-Holstein in die weste gemarsjeer. In die proses het Stäcker 30kg gewig verloor. Op 3 April 1945 is Stäcker in die 30ste Artillerieregiment in Rendsburg geplaas en ingedeel by 'n *Volkssturm Einheit* om artillerieopleiding te ontvang. Aan die einde van die oorlog het 'n sersant-majoor Stäcker aan sy skouers geneem en vir hom gesê:

“Luister jongman, neem jou soldyboek en jou rangkentekens en begrawe alles. Jy was nooit 'n soldaat gewees nie! Anders vang die Engelse jou en word jy 'n gevangene in 'n steenkoolmyn. Verstaan jy! Die oorlog is verby en ons het verloor!”

Niks sou ooit vir hom dieselfde weer wees nie, want:

“In mir brach eine Welt zusammen.”⁸⁵

⁸⁴ WPA, Arbeitsdienst, www.bing.com/images/search?q=arbeitsdienst&FORM=HDRSC2,foto,Wosjko+oszczedza.+Cwiczenia+bez+spretu+bojow+800x533jpeg.formk24p,+geraadpleeg,2015.08.20.

⁸⁵ WPA, MO (2B), H. Stäcker (85), Brauhaus am Dam, Rustenburg, 2013.12.01, (NF47, CD: W-17).

Stäcker se wêreld het inmekaar gestort. Die Duitse soldate het onder die wanindruk gekom dat hulle nog op een of ander manier saam met die Westerse magte teen die Kommunistiese Oosmagte sou veg.⁸⁶ Die verwarring aan die einde was groot. Ten spyte van hierdie moeilike agtergrond, het Stäcker in Suid-Afrika 'n suksesvolle boer geword en waardevolle diens aan die plaaslike Duitse gemeenskap gelewer. Hoe hulle uiteindelijke identiteit daarna uitgesien het, word later in die hoofstuk bespreek.

Die tweede generasie Duitsers was geskool in die *Hitlerjugend (HJ)*, die *Bund deutscher Mädel* en die *Reichs Arbeitsdienst*, in militêre dissipline. Hulle is opgelei in bevel en beheer, lewens- en praktiese vaardighede. Hulle is geskool in harde en moeilike lewensomstandighede. Hulle het swaarkry, pyn en lyding in die gesig gestaar en moes self leer om planne te maak en inisiatief te neem. Hulle het niemand gehad wat vir hulle iets sou doen as hulle dit nie self kon doen nie. Die Duitse immigrante het uit 'n geruïneerde land na Suid-Afrika toe gekom, wat 'n interne oorlog gespaar is. Die land het 'n infrastruktuur gehad, natuurlike hulpbronne soos grond, water en minerale en hulle het die moontlikhede gesien. Een Duitse immigrant vanuit Kaapstad, Joachen Brensel, het selfs vir sy vriend, Klaus Leschner in Duitsland geskryf;

Hier leg das Geld auf die Straße.⁸⁷

Bogenoemde aanhaling is 'n Duitse idioom wat beteken dat daar soveel geleentheid is om geld te maak, jy moet gerus na Suid-Afrika toe kom.

Kraft durch Freude, krag deur vreugde

Die *Nationale Soziale Gemeinschaft, Kraft durch Freude* (KdF) (die Nasionaal-Sosialistiese organisasie, "Krag deur Vreugde") was deel van die *Deutsche Arbeitsfront*, die Duitse werkersvereniging. Die doel van Krag deur Vreugde was om deur ontspanning die mense te motiveer en energie te gee om beter en harder te kon werk. Die aktiwiteite was spesifiek gerig op die werkersklas en om hulle die geleentheid te gee om die vreugdes van die rykes te deel deur te reis en bekostigbare vakansies te hou. Verskeie skepe is vir hierdie doel gebou, waarvan die *Wilhelm Gustloff* die grootste was. Reise is gereël na Helgoland, Noorweë, Spanje, Italië, Madeira en bestemmings aan die Baltiese kus asook die Duitse en Deense kuste. Die *Kraft durch Freude* het ook 'n verskeidenheid ander aktiwiteite georganiseer soos kampe, dagreise, konserte, teater, opera en besoeke aan histories-kulturele geleentheid. Die *Kraft durch Freude* het voorsiening gemaak vir die werkers se reg op 'n betaalde vakansie, 'n unieke konsep vir die wêreld in daardie tyd.⁸⁸ Die *Kraft durch Freude* het hom ook ten doel gestel om die motor aan soveel moontlik Duitsers beskikbaar te stel deur die ontwikkeling van die Volkswagen, 'n

⁸⁶ WPA, MO (2B), H. Stäcker, (85), Brauhaus am Dam, Rustenburg, 2013.12.01, (NF47, CD: W-17).

⁸⁷ WPA, MO (3B), K. Leschner, (83), Fairlands, Randburg, 2013.07.20, (NF59, CD: Y-19).

⁸⁸ J. Pipes, Kraft durch Freude, <http://www.feldgrau.com/KdF.html>, geraadpleeg 2015.05.26.

motor vir die volk.⁸⁹ Die invloed van hierdie manier van vakansie hou, is merkbaar deur die immigrante aan Suid-Afrika oorgedra. Die 1970's en 1980's was woonwagt in Suid-Afrika. Duitse immigrante se behoefte aan reis, kamp en avontuur is deur die leiers van die *Stadtmission* gebruik om die Duitse immigrant te evangeliseer. Gisela Kahler en haar familie het gereeld gekamp in Bainskloof in die Drakensteinberge naby Wellington in die Kaap. Bo in die berg was daar 'n hotel, twee kampterreine en 'n rivier met pragtige waterpoele.⁹⁰ Die Wehrmeyers het ook gereeld daar gaan kamp.⁹¹



Figuur 20: Wolfgang se Chevrolet bakkie van die 1950's, met Marieta besig om die kamp goed reg te kry⁹²

Terwyl Wolfgang Wehrmeyer in Port Elizabeth gewoon het, het hy 'n splinternuwe Jurgens woonwa en 'n Chrysler (South Africa) Valiant Regal automatic (1972)⁹³ motor gekoop. Hy was baie erg oor die woonwa en het dit behou tot sy dood in 2008. Wehrmeyer was baie lief vir kamp en toer met die woonwa. Sy eerste toer met die woonwa was in 1974, vanaf Port Elizabeth na die Nasionale Krugerwildtuin. Daarna het hy verskeie toere deur Suid-Afrika onderneem, o.a. na Durban in 1979 in die jaar

⁸⁹ J. Pipes, Kraft durch Freude, <http://www.feldgrau.com/KdF.html>, geraadpleeg 2015.05.26.

⁹⁰ WPA, MO (2B), G. Kahler, gebore von Hennenberg, (87), Garsfontein, Pretoria, 2012.10.18, (NF26, CD: V-18).

⁹¹ WPA, MO (4B), M.M. Wehrmeyer, (75), Visserskuil, Bothaville, 2014.05.05, (NF85, slegs notas).

⁹² WPA, M.M. Wehrmeyer-fotoversameling, (76), Visserskuil, Bothaville.

⁹³ Chrysler (South Africa) Valiant Regal automatic (1972), www.automobile-catalog.com/make/chrysler/valiant_south_africa/valiant, geraadpleeg 2015.09.15.

wat sy oudste seun matriek geskryf het.⁹⁴ Gerhard en Christa Albien het ook daarvan gehou om Suid-Afrika plat te reis, asook Suidwes-Afrika (Namibië) en Rhodesië (Zimbabwe). Dit is interessant dat hulle nog die ou name van die lande gebruik.⁹⁵



Figuur 21: Wehrmeyers se Jurgens woonwa, 1973⁹⁶

Nasionaal-Sosialisme en godsdiens

Die Nasionaal-Sosialistiese politieke-ideologie het vanaf 1933 'n sterker rol in die godsdienstige milieu van die Duitsers begin speel. Die *Deutschen Christen* kerkverband is gestig, wat 'n Nazi-organisasie was. Dié organisasie het 'n pseudo-godsdienstige politieke ideologie verkondig wat bekend gestaan het as die *Deutschglauben*. Die doel was dat elke Duitser die volk moes liefhê, dien en die Führer absoluut gehoorsaam moes wees. Hierteenoor het die Chrischona gemeentes in Oos-Pruise besluit om hulle toe te lê op geestelike werk en om die evangelie op onvervalsde wyse uit die Ou en Nuwe Testament van die Bybel te verkondig.⁹⁷

⁹⁴ WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (54), Kroonstad, 1987.02.01, (NF1, CD: W-20).

⁹⁵ WPA, MO (2B), G.K. Albien, (72), Vaalpark, Sasolburg, 2011.09.21, (NF37: CD: X-23).

⁹⁶ WPA, M.M. Wehrmeyer-fotoversameling, (76), Visserskuil, Bothaville.

⁹⁷ K. Haag, *Ich bin verliebt in dieses Land: Auf den Spuren der Chrischona Gemeinschaftsarbeit in Ost- und Westpreußen*, (Brunnen Verlag, Gießen, 2007), pp. 44-45.

In 1935 het die prediker Friedrich Taddy die volgende oor die kerklike omstandighede in Oos-Pruise berig:

Die Arbeit gestaltet sich immer schwieriger, da manche Versammlung in letzter Stunde abgesagt wird, weil an dem betreffenden Ort eine andere wichtige Kundgebung oder dergleichen stattfinden. Die Jugend: Posaunenbläser, Sänger und Sonntagschüler sind von allerlei Organisationen so in Anspruch genommen, dass nur selten mal alle zusammenzubekommen sind.⁹⁸

Die geestelike en kerklike werk word al hoe moeiliker om uit te voer. Byeenkomste moet op die laaste oomblik afgestel word, omdat elders 'n meer belangriker (regerings) aankondiging gemaak word of iets belangriker plaasvind. Die jeuggroep, blaasorkes, koor en Sondagskool is so vasgevang in ander organisasies, dat dit moeilik is om almal gelyktydig bymekaar te kry.

Uit Königsberg is daar berig dat die gewone jeugwerk in die kerk swaargekry het omdat die jongmense verplig was om voortdurend betrokke te wees by politieke organisasies.⁹⁹ Die prediker, Achilles Buchhorn, vader van Lothar Buchhorn¹⁰⁰ beskryf na aanleiding van sy ervarings in Oos-Pruise onder die Nasionaal Sosialiste dat dit gaandeweg al hoe moeiliker geword het om te preek. Hy moes uiters versigtig gewees het wat hy sê en moes absoluut vermy om iets te sê wat verdraai kon word of dubbelsinnig geïnterpreteer kon word. Dikwels, aan die begin van die preek het hy 'n notatjie in die hand gedruk gekry. „Gestapo im Saal!“ – die Gestapo is teenwoordig.¹⁰¹

Die hoof van die *Parteikanslei* en ook Hitler se sekretaris, was Martin Bormann. Hy het ook die Nazi-ideologie (die stryd teen die kerk) teenoor die kerk verteenwoordig. Bormann was die dryfkrag agter die verskerping van die gesindheid om teen die kerk op te tree. Saans, wanneer die hoë partylede om die tafel gekuier het, die *Tafelrunde*, het hy dikwels die argument na vore gebring. Deur Bormann se stories is Hitler so opgewerk in hierdie persoonlike mannekring, waar hy meer ontspanne was, dat hy eenmaal onverbloemd¹⁰² in die teenwoordigheid van Albert Speer sy gevoelens as volg uitgespreek het.

⁹⁸ K. Haag, *Ich bin verliebt in dieses Land: Auf den Spuren der Chrischona Gemeinschaftsarbeit in Ost- und Westpreußen*, p. 45.

⁹⁹ K. Haag, *Ich bin verliebt in dieses Land: Auf den Spuren der Chrischona Gemeinschaftsarbeit in Ost- und Westpreußen*, p. 45.

¹⁰⁰ WPA, MO (1B), L. Buchhorn, (75) Vanderbijlpark, 2015.07.05, (NF18, slegs notas).

¹⁰¹ K. Haag, *Ich bin verliebt in dieses Land: Auf den Spuren der Chrischona Gemeinschaftsarbeit in Ost- und Westpreußen*, p. 45.

¹⁰² A. Speer, *Erinnerungen*, (Propyläen Verlag, Berlin, 1969), p. 137.

„Wenn ich einmal meine anderen Fragen erledigt habe“, so äußerte er (Hitler) gelegentlich, „werde ich mit der Kirche abrechnen, Hören und Sehen wird ihr vergehen.“¹⁰³

Wanneer ek my ander probleme opgelos het, so sê hy (Hitler) by geleentheid sal ek met die kerk afreken. Hulle sal horend en sienend vergaan.

Met 'n terugblik, is dit maklik om te sien dat die weerstand van die kerk teen Hitler nie kragtig genoeg was nie. Die weerstand onder die algemene kerklede was ook nie genoegsaam nie. Hitler het politieke partye en enige ander verenigings en assosiasies voor 'n keuse gestel, *Auflösung oder Gleichschaltung*, ontbind of ondersteun die Nazi-doelstellings en filosofie. Pastoor Martin Niemöller van 'n klein gemeente in Dahlem, Berlyn, het in 1933 die *Pfarrernotbund* gestig om Nasionaal-Sosialisme teë te staan, maar hulle was nie sterk genoeg om effektiewe teëstand te bied nie.¹⁰⁴ In Schale, die geboortedorp van Hermann Wehrmeyer, die vader van Wolfgang, was daar 'n doelbewuste passiewe weerstand teen die Nazi's se kerkbeleid in die gemeenskap.¹⁰⁵ Wilhelm Spiegeler het vertel dat, indien Hitler die oorlog gewen het, almal van Schale na Siberië verban sou word.¹⁰⁶

In noue samehang met die invloed van Nasionaal-Sosialisme op die godsdiens van die Duitsers, was die invloed van piëtisme, wat in die volgende afdeling bespreek word en wat 'n aansienlike invloed op 'n groter deel van die Duitse immigrante in Suid-Afrika uitgeoefen het.

Piëtisme

Naas die Reformasie van Martin Luther (1483-1546) was die Piëtistiese beweging (1700)¹⁰⁷ die belangrikste beweging in die Evangeliese kerk in Duitsland. Dit was 'n individuele beweging, geskoei op eie persoonlike ervarings. Die beweging het die gewone burger op straat geraak, maar ook die universiteite en die leiersfigure in die gemeenskap. Dit het 'n totale lewensverandering, genoem die “wedergeboorte” en persoonlike verhouding met Christus, tot gevolg gehad. Daar is verwag van so 'n persoon om sy of haar lewe te wy aan gebed en die bestudering van die Bybel en so

¹⁰³ A. Speer, *Erinnerungen*, p. 137.

¹⁰⁴ W. Lüthi, *Deutschland zwischen gestern und morgen*, (Verlag Friedrich Reinhardt AG, Basel, 1947), p. 79.

¹⁰⁵ C. Tepe, *Schale, Ein Dorf stellen sie vor*, (Ibbenbürener Vereinsdruckerei GmbH, Ibbenbüren, 1991), pp. 142-145.

¹⁰⁶ WPA, MO (4B), W. Spiegeler, gebore Wehrmeyer, (88), Settrup bei Hopsten, 1995.06.01, (NF60b, CD: R-7).

¹⁰⁷ J. Schäfer, Artikel Pietismus, Ökumenischen Heiligenlexikon, <http://heiligenlexikon.de/Glossar/Pietismus.html>, geraadpleeg, 2015.03.06.

die geloof te behou wat dikwels 'n besondere uitstraling in die gemeenskap tot gevolg gehad het.¹⁰⁸

In 1689 verwoord die Leipzig digter, Joachim Feller, die Piëtis, in 'n gedig:

Es ist jetzt stadtbekannt der Name der Pietisten, Was ist ein Pietist? Der Gottes Wort studiert und nach demselben auch ein heilig Leben führt.¹⁰⁹

Wat is 'n piëtis? Dis iemand wat die Bybel bestudeer en daarvolgens 'n heilige lewe leef.

Piëtisme het 'n groot rol gespeel in Oos-Pruise. Reeds in die vroeëre Piëtistiese tyd van 1675-1750 het mense hulle bekeer en Bybel- en gebedsgroepe bygewoon. Aan die teologiese fakulteit van Königsberg het daar verskeie Piëtistiese professors gewerk. Die volgende golf piëtisme het gekom saam met sendelinge van die *Herrnhuter Brüdergemeine Zinzendorf* (1733).¹¹⁰ In 1877 was die eerste *Pilgermission Chrischona*, prediker, Karl Kreuzenstein, in Oos-Pruise in die bediening en tot en met die einde van die Tweede Wêreldoorlog was die grootste aantal Chrischona-gemeentes in een gebied gesentreer in Oos-Pruise.¹¹¹ Een van die kerkleiers in Oos-Pruise, Achilles Buchhorn,¹¹² was die vader van Lothar Buchhorn, wat later na Suid-Afrika geïmmigreer het en die prediker in Stadtmission Chrischona Vanderbijlpark geword het.¹¹³

Hanna Herrmann,¹¹⁴ Rudolf Steinberg,¹¹⁵ Wolfgang Wehrmeyer en die Giesler broers, Eberhardt en Gerhard,¹¹⁶ was beïnvloed deur die Piëtistiese denke en het dit as lewensfilosofie uitgeleef. Steinberg was 'n senior elektriese ingenieur by Siemens in Suid-Afrika en onder andere betrokke by die hidro-elektriese werke van die Cabora Bassa-dam in Mosambiek. Hy was 'n ingenieur van beroep, maar in sy persoonlike hoedanigheid 'n sendeling vir die Christelike evangelie. Hy was betrokke by die stigting van die Stadtmission van Suidelike Afrika en tot en met sy dood 'n aktiewe ondersteuner.¹¹⁷ Die Giesler-broers het 'n soortgelyke siening gehad. Wehrmeyer het saam met Gerhard Giesler sendingwerk onder die Kleurling-

¹⁰⁸ J. Schäfer, Artikel Pietismus, Ökumenischen Heiligenlexikon, <http://heiligenlexikon.de/Glossar/Pietismus.html>, geraadpleeg, 2015.03.06.

¹⁰⁹ Anon., Was ist Pietismus. <http://www.eh.tabor.de/wasistpietismus>, geraadpleeg, 2015.03.06.

¹¹⁰ K. Haag, *Ich bin verliebt in dieses Land, Auf den Spuren der Chrischona-Gemeinschaftsarbeit in Ost-und-Westpreußen*, p. 9.

¹¹¹ K. Haag, *Ich bin verliebt in dieses Land: Auf den Spuren der Chrischona-Gemeinschaftsarbeit in Ost-und-Westpreußen*, p. 13.

¹¹² K. Haag, *Ich bin verliebt in dieses Land: Auf den Spuren der Chrischona-Gemeinschaftsarbeit in Ost-und-Westpreußen*, pp. 46,98.

¹¹³ WPA, MO (1B), L. Buchhorn, (75), Stadtmission, Vanderbijlpark, 2015.07.05, (NF18: slegs nota).

¹¹⁴ WPA, MO (1B), J. Herrmann, (79), Garsfontein, Pretoria, 2011.09.11, (NF06, CD: V-19).

¹¹⁵ WPA, MO (1B), I. Steinberg, (82), Garsfontein, Pretoria, 2012.07.01, (NF21, CD: U-13;14).

¹¹⁶ WPA, MO (2B), G.R. Giesler, (76), Durbanville, Kaapstad, 2011.08.13, (NF41, slegs nota).

¹¹⁷ WPA, MO (1B). I. Steinberg, (82), Garsfontein, Pretoria, 2012.07.17, (NF20, CD: U-13).

gemeenskap in die 1950's in die Paarl gedoen.¹¹⁸ Eberhardt Giesler, wat 'n gekwalifiseerde passer en draaier was, het later 'n voltydse Baptiste-predikant in die Paarl en later Worcester in die Kaap geword.¹¹⁹ Sending was 'n sterk motivering by die Duitse immigrante met 'n Piëtistiese lewenswyse – 'n lewenswyse van Bybellees en bid en om 'n eenvoudige, eerlike en hardwerkende lewe te lei.

Die Piëtistiese invloed, wat 'n uitwaartse, uitreikingsdimensie het, het Duitse immigrante gehelp om maklik te integreer met die plaaslike bevolking (alle rasse) in Suid-Afrika en so het transnasionale verhoudinge makliker ontstaan.

Duitse *angst* en skuldgevoel

Die Duitse *angst* en skuldgevoel is ineengestremel, kompleks en het ontwikkel oor 'n lang periode gedurende Hitler se diktatorskap. Met die magsoorname in 1933 het Hitler met behulp van die Nazi-organisasies sistematies deur kondisionering 'n houvas op die Duitse bevolking gekry. Deur meesterlike ooredingsvermoë en deur vrees in te boesem, het hy mense gemanipuleer en gedwing om die Nasionaal Sosialistiese ideologie aan te gryp.

Die Duitse *angst* het die skuldgevoel voorafgegaan. Elke mens het die reg tot waardigheid en om trots te wees op wie hy is. Elke mens is besonders en uniek, maar wanneer dit tot so 'n mate beklemtoon word en vergelykings gemaak word dat ander mense minderwaardiger is as jy, word gevaarlike grond betree. Ná die Eerste Wêreldoorlog was die Duitsers se eer geskend en was hulle besonder verneder. Hitler het hulle aan die begin van sy diktatorskap weer 'n mate van trots gegee, maar ten koste van die Jode. Sy Jode-vervolging is onaangekondig, progressief en sistematies ingevoer en uitgevoer. Deur gebruik te maak van vrees, geruislose geheime metodes soos die verdwyning van persone, konsentrasiekampe en moord het Hitler sistematies sy teëstanders ontmagtig. Ná die Tweede Wêreldoorlog het die Geallieerdes die denazifiseringsprogram op die Duitsers afgedwing, waardeur hulle 'n gesamentlike skuldgevoel op die totale Duitse bevolking wou plaas, in die hoop dat daar nie weer in die toekoms iets soos die Holocaust in Duitsland sou gebeur nie. Dit is nie die doel van hierdie studie om die voorafgaande stellings in geheel te ondersoek nie. Dit word slegs weergegee om begrip van en agtergrond te gee aan die feitlike observasie van die ervaringe van die Duitse *angst* en skuldgevoel, wat deel was van die identiteit van die Duitse immigrante wat na Suid-Afrika toe gekom het.¹²⁰

Die vraag is: wat was die uitwerking van die Duitse *angst* en skuldgevoel wat die Duitse immigrante met hulle saamgedra het toe hulle in die land van hul immigrasie, Suid-Afrika gekom het? In Suid-Afrika is hulle met 'n komplekse heterogene

¹¹⁸ WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (54), Kroonstad, 1987.02.01, (NF1, CD: W-20).

¹¹⁹ WPA, H.W. Wehrmeyer, My herinneringe en aantekeninge oor die verlede en hede, p. 37.

¹²⁰ W. Lüthi, *Deutschland zwischen gestern und morgen*, pp. 41, 71-73

bevolking gekonfronteer, wat verder verdeel is in twee breë groepe van blankes en nie-blankes, en 'n politieke stelsel wat gepoog het om die twee groepe van mekaar te skei, terwyl die minderheidsgroep die meerderheidsgroep oorheers. Die Duitse immigrante was gaste in die land. Hulle moes versigtig wees met hulle optrede uit vrees vir verwerping en repatriasie. Tog was hulle deeglik bewus van die skuldgevoel wat die wêreld op hulle geplaas het, naamlik dat rassisme onaanvaarbaar is. In hierdie rowwe see van omstandighede, moes die Duitse immigrant oorleef, sy identiteit aanpas en poog om vas te stel wat sy transnasionaliteit was. Hierdie transnasionaliteit was uiters kompleks en het gewissel van persoon tot persoon binne die see van Suid-Afrika se kulturele strominge.¹²¹

Duitse *angst* (vrees) is 'n werklikheid. Mense wat onder die Nasionaal-Sosialistiese sisteem geleef het, het onder 'n sisteem van voortdurende angs, vrees en spanning geleef. Dit het veroorsaak dat dit deel van hul identiteit geword het en dat hulle terughoudend geword het en persoonlike menings, veral ten opsigte van politiek, vir hulself gehou het. Hierdie terughouding as gevolg van vrees was by twee vroulike respondente opmerklik.

Ursula Spies, gebore Verleger, se vader was 'n prominente kernfisikus en het as professor onder Hitler gedien. Ursula was aanvanklik terughoudend in die onderhoud en eers nadat haar vertrouwe gewen is, het sy haar vader se foto in 'n Duitse militêre uniform gewys. Al was sy in 2014 reeds 78 jaar oud, was sy nog steeds bang iets kon met haar gebeur omdat sy dié foto van haar vader gehad het. Ursula se moeder, Elizabeth, het by die afsterwe van haar man onmiddellik sy dagboek verbrand.¹²² 'n Tweede persoon wat anoniem wou bly, het, wanneer sy van die oorlogtydperk, die Jode en dit wat sy gesien het gepraat het, het saggies begin fluister.¹²³


¹²¹ WPA, H.W. Wehrmeyer, My herinneringe en aantekeninge oor die verlede en hede, p. 44.

¹²² WPA, MO (4B), Ursula Spies, gebore Verleger, (78), Groenkloof, Pretoria, 2014.08.06, (NF79, CD: X-22).

¹²³ WPA, Anoniem 1. Anonieme persone se identiteite is aan die promotor bekend.



Figuur 22: Heinz Verleger, kernfisikus, 1944 ¹²⁴



Figuur 23: Heinz en Elizabeth Verleger ¹²⁵

¹²⁴ WPA,U. Spies, gebore Verleger, fotoversameling, (78), Groenkloof, Pretoria.

Vrees was prominent onder die Duitse bevolking. Die Duitsers, veral die soldate, het gedurende die Tweede Wêreldoorlog gesukkel om te verwerk wat met hulle gebeur het. Hulle het nie geweet hoe om op Hitler, wat 'n totale diktator was, se opdragte te reageer nie. Die alomteenwoordige Gestapo kon 'n mens, as gevolg van die maak van 'n aanmerking of die getuigenis van iemand, enige oomblik gevange neem, in die tronk gooi of teregstel. Dit het vrees by almal gewek asook 'n gebrek aan vertroue in mekaar. Die Reichsminister, Albert Speer, verantwoordelik vir die totale wapenproduksie in Duitsland, se lewe was in gevaar in Januarie 1944.¹²⁶ Hy is as verdag beskou deur Heinrich Himmler, hoof van die Gestapo,¹²⁷ omdat Speer van nature 'n tegno-burokraat was en nie polities georiënteerd was nie.

Ná die val van Stalingrad het Hitler 'n wet uitgevaardig wat enige persoon verbied het om iets negatiefs te sê oor die oorlog. Mens sou 'n *Defätist* wees en so 'n *Fiege* (lafaard). 'n Lafaard se straf was onmiddellike doodstraf.¹²⁸ Weer eens is vrees gebruik om die soldate en bevolking tot stilswye te forseer.

Tydens hul vlug uit Stettin, het Gisela Kahler by die Oderrivier gesien hoe die Duitse soldate voor die Russiese magte probeer vlug, deur oor die rivier te swem. Aan die oostekant van die rivier het die Russe op hulle geskiet en aan die westekant van die rivier het die Gestapo gestaan en hul eie Duitse soldate doodgeskiet. Die Gestapo was 'n geheime polisiemag, wat ook in die weermag gefunksioneer het, en is gevrees omdat hulle hul eie mense sonder meer kon dood skiet, sonder 'n verhoor. Kahler se vader, 'n senior burger, Von Hennenberg, is gedwing om in die *Volksturm* te dien en moes agterbly in Stettin. Hy is in Stettin doodgeskiet deur die oormag van Russiese soldate. Kahler bewaar vandag nog die netjies getikte brief van haar vader wat hy vir sy familie geskryf het die aand voordat hy beswyk het aan sy wonde.¹²⁹

Die Duitse skuldgevoel gaan oor wie verantwoordelik gehou kan word vir die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en die dood van miljoene Jode in konsentrasiekampe. Die vraag is of die Duitsers gesamentlik verantwoordelik was vir wat gebeur het of nie. Behoort elke Duitser skuldig te voel omdat hulle gesamentlik daarvoor verantwoordelik was en watter generasies was daarvoor verantwoordelik? Kan die tweede en derde generasie nog aanspreeklik gehou word? Hoe het die Duitse immigrante wat uit 'n stelsel van onderdrukking van een ras deur 'n ander ras gekom het, gereageer in die land van immigrasie met 'n soortgelyke situasie, alhoewel daar nie in Suid-Afrika sprake was van 'n sistematiese uitwissing van 'n volksgroep nie?

¹²⁵ WPA, U. Spies, gebore Verleger, fotoversameling, (78), Groenkloof, Pretoria.

¹²⁶ A. Speer, *Erinnerungen*, p. 342.

¹²⁷ A. Speer, *Erinnerungen*, p. 343.

¹²⁸ H. Graf von Lehndorf, *Ostpreußisches Tagebuch: Aufzeichnungen eines Arztes aus den Jahren 1945-1947*, (Biederstein Verlag, München, 1961), pp. 49,57.

¹²⁹ WPA, MO (2B), G. Kahler, gebore von Hennenberg, (87), Garsfontein, Pretoria, 2012.10.18, (NF26, CD: V-18).

Willie Lüthi het in 1946-7 'n reis deur Duitsland per motor onderneem en verskeie streke, dorpe en stede besoek. In drie van die stede wat hy besoek het, was daar plekke wat besonder uitgestaan het. Erwe wat gebou op gehad het, wat met Duitse deeglikheid tot op die grond vernietig is. Toe hy sy begeleier uitvra oor een so 'n plek, was die antwoord, "Hier het die sinagoge gestaan." Op die vraag of daar baie Jode in die stad was, was die antwoord, "Ja", op die vraag of daar nog Jode is, "Nee" en op die vraag of hy bewus was van wat aangegaan het, het 'n groot stilte gevolg, en toe 'n verskoning: "Toe ons agterkom wat aangaan was dit te laat. Toe kon ons in elk geval niks doen nie."¹³⁰

Kahler onthou ook dat hulle gehoor het dat die sinagoge in Stettin afgebrand het. Die volgende dag het sy na die sinagoge gaan kyk wat nog gesmeul het, wat haar met afgryse gevul het en sy kon net magteloos toekyk.¹³¹ Annemarie Kock vertel van dieselfde insident toe die sinagoge op 9 November 1938 in Stettin afgebrand het. Die volgende oggend het sy met 'n groepie vriendinne van die skool af daarheen geloop om te kyk wat aangaan. Hulle het dit glad nie verkeerd gevind nie en was van mening dat die Jode gestraf moes word. Hulle skoolonderwyser het nie van hulle gesindheid gehou nie en vir hulle strafwerk gegee om te doen. 'n Konsentrasiekamp was na Annemarie Koch se mening 'n plek vir kriminele, kommuniste, teëstanders van die regering of misdadigers wat gerehabiliteer moes word. Sy vertel dat sy tot aan die einde van die oorlog nie bewus was van die Holocaust nie. Met groot teleurstelling moes sy agterkom dat hulle vals beïnvloed was en dat alles in 'n katastrofe geëindig het. Tog, 'n skuldgevoel het sy nie persoonlik nie, en sy voel ook dat sy niks het waaroor sy haar moet skaam nie.¹³²

Wilfried-Helmut Wehrmeyer vertel dat hy nie geweet het van die vervolging van die Jode nie. Hy is in 1936 gebore en is dus van die tweede generasie wat die oorlog as kind ervaar het. Hy het die spanne gevangenes in Staaken-Berlyn, waar hy gewoon het, sien werk aan die paaie. Baie was Russe, Pole, Franse en Oekraïners. Dan het hy ook die gevangenes met die Joodse sterre gesien. Hulle het ook maar soos die ander gelyk. Wilfried-Helmut se moeder het vir hulle brood gegee wat hulle in hul broeksakke gesit het. Dan het hulle naby die gevangenes verbygeloop en dit laat val waar die gevangenes dit opgetel het terwyl hulle onder bewaking was, sonder om opgemerk te word.¹³³ Die navorser het in 1995 by Klaus Umlauf gekuier juis toe 'n Israelitiese regeringsbeampte Duitsland besoek het. Umlauf (intussen oorlede) was getroud met Annie, gebore Wehrmeyer, die dogter van Ella Wehrmeyer, deel van die Wehrmeyer-familie in Schale, Nordrhein-Westfalen. Hy kom uit 'n baie welaf, adellike familie in Oos-Pruië en het alles verloor in die oorlog. Hy het geen skuldgevoel gehad oor die Tweede Wêreldoorlog en wat gebeur het nie en was negatief toe 'n Israelitiese gesant Duitsland besoek het. Hy het gesê dat wanneer Joodse regeringsbeamptes Duitsland besoek, daar op die Duitse skuldgevoel gespeel word

¹³⁰ W. Lüthi, *Deutschland zwischen gestern und morgen*, p. 74.

¹³¹ WPA, (MO 2B), G. Kahler, gebore von Hennenberg, (87), Garsfontein, Pretoria, 2012.10.18, (NF26, CD: V-18).

¹³² A. Koch, *Lebenserinnerungen von Annemarie Koch*, pp. 27-28.

¹³³ WPA, MO (4B). W.H. Wehrmeyer, (76), Plochingen, Stuttgart, (2012.05.20), (NF82, CD: U-9).

deur een of ander konsentrasie kamp (KZ, soos Duitsers in gesprekke na die konsentrasie kampe verwys) of monument te besoek. Umlauf sê die Duitsers moet dan weer miljoene *Deutsche Mark* (DM) plaas in die bakhand.¹³⁴ Duitsers soos Wilfried-Helmut Wehrmeyer, broer van Wolfgang, het gereken hulle het genoeg betaal vir die sondes van hul voorvaders. Daniel Schoch, die kleinseun van Wilfried-Helmut Wehrmeyer voel hy het absoluut niks te doen nie met die Holocaust nie. In 2012 het Daniel Joodse vriende op universiteit gehad en hulle het goed klaargekom met mekaar.¹³⁵

Net na die oorlog het die Duitse manne en vroue teruggekyk na die tyd van Hitler se bewind as 'n periode van vreemde oorheersing, 'n periode van verskrikking en angs. In die aanvangsjare van Hitler en sy volgelinge, het die mense sy beloftes geglo. Al herinnering wat nou oorgebly het, is die verskrikking van die oorlogsjare en die ontbering.¹³⁶ Vir Fred Brahmer was Hitler tog iemand wat ook goeie dinge gedoen het. Brahmer is in 1930 in Sudetenland, Friedelsdorf, gebore, wat ná die Eerste Wêreldoorlog onder die heerskappy van Tsjeggië geplaas is. Vir Brahmer was Hitler hul bevryder. Hy onthou hoe hy op negejarige ouderdom, 12 ure lank gewag het in hul dorpie vir Hitler om verby te kom. Hy het Hitler gesien en hom trots gesalueer.¹³⁷ Louise Spiegeler weer, aan die ander kant, en Wolfgang se tante van vaderskant, het die mening gehad dat so 'n mens nooit weer gebore moes word nie. Vir haar was Hitler die oorsaak van die vernietiging van Duitsland.¹³⁸

Gedurende die navorsing was die doel om uit te vind wat die Duitse immigrante se gevoel was oor die Duitse skuldgevoel en die resultate was uiteenlopend. Lienhard Rüschi, eerste generasie Duitse immigrant, was 'n veggende soldaat wat die Ysterkruis vir Dapperheid gekry het. Hy het geen kwellings of skuldgevoelens oor die Tweede Wêreldoorlog gehad nie. Volgens hom was hy 'n eerbare en opregte soldaat.¹³⁹ Prof Heinz Verleger was ná die oorlog saam met 'n groep hoë Duitse offisiere in Franse krygsgevangenskap, waar hulle amper verhonger is. In talle van sy briewe aan die Duitse regering vanuit Suid-Afrika verdedig hy sy rol as suiwer kernfisikus en dat hy slegs geklassifiseer was gedurende *Entnazifizierung* as 'n meeloper.¹⁴⁰ Osterhoff was 'n jong soldaat wat in Hongarye geveg het en swaar gewond is. Vir hom om na Suid-Afrika te kom, was om weg te kom van die verlede en alles waarmee dit gepaard gegaan het.¹⁴¹ Inge Steinberg het eers aan die einde

¹³⁴ WPA, H.W. Wehrmeyer, My herinneringe en aantekeninge oor die verlede en hede, p. 35.

¹³⁵ WPA, MO (4B), W.H. Wehrmeyer, (76), Plochingen, Stuttgart, 2012.05.20, (NF82, CD: U-5).

¹³⁶ W. Lüthi, *Deutschland zwischen gestern und morgen*, p. 73.

¹³⁷ WPA, MO (4B), F. Brahmer, (85), Thabela Gastehuis, Pretoria-Noord, 2015.03.22. (NF91, CD: S-2).

¹³⁸ WPA, MO (3B), L. Spiegeler, gebore Wehrmeyer, (86), Schale bei Hopsten, 1995.03.01 (NF60a, CD: R-7).

¹³⁹ WPA, MO (1B), L.L.R. Rüschi, (87), Garsfontein, Pretoria, 2011.04.11, (NF83, CD:U-18).

¹⁴⁰ WPA, MO (4B), U. Spies, gebore Verleger, (78), Groenkloof, Pretoria, 2014.08.06, (NF79, CD: X-22).

¹⁴¹ WPA, MO (1B), D.R. Osterhoff, (86), Muckleneuk, Pretoria, 2011.07.17, (NF11, CD: X-10).

van die oorlog bewus geword van die Joodse vervolging. Sy was en is bewus van die skuld las wat die Duitsers dra.¹⁴²

Hoe het die tweede generasie Duitsers, wat die oorlog as kinders ervaar het, gevoel oor die Duitse skuldgevoel? Vir Wolfgang Wehrmeyer was die Duitse skuldgevoel nie iets waaroor hy gepraat het nie. In sy persoonlike wêreld het ander dinge sy voltydse aandag geveg. As buite-egtelike kind, was hy 'n ongewenste kind en het hy 'n moeder gehad wat hom nie liefgehad het nie. Sy vader was lief vir hom, maar hy was 'n beroepsoldaat en aktief besig met die beoefening van sy beroep by die *Reichskanseelei*. Wehrmeyer het vir lang periodes by sy moeder se ouers, Georg en Ida Hoyer in Obergruna, noord van Freiberg in Saksie, deurgebring. Na die oorlog het dit vir hom gegaan om te oorleef en om hom vir 'n beroep te kwalifiseer. Wolfgang Wehrmeyer was my vader en tot die dag van sy dood, het hy nooit oor Duitse skuld las gepraat nie.¹⁴³

In die daaglikse realiteit van Apartheid waarmee die Duitse immigrante in Suid-Afrika gekonfronteer is, moes dit vir hulle vreemd gewees het om skielik met twee unieke kulture op dieselfde tyd te doen te kry – die komplekse Suid-Afrikaanse kultuur van dié tyd, aan die een kant die Europese kulture en die Afrika kultuur aan die ander kant, en dan het hulle nog hul eie Duitse kultuur gehad. Hulle moes sin maak uit alles en het liever probeer verstaan en aanvaar as om te rebelleer. Jürgen Linke was 'n gereedskapmaker van beroep toe hy in 1965 na Suid-Afrika geïmmigreer het. By sy eerste werksplek het hy gedurende middagetes tussen die swart mense gaan sit om sy toebroodjies te eet. Hulle het aan hom verduidelik dat hy by die wit mense moes gaan sit om sy toebroodjies te eet.¹⁴⁴

Voor en net ná die Tweede Wêreldoorlog het die woord Apartheid nie in die Duitse taal bestaan nie en is die woorde *Getrennte Entwicklung*, gebruik. Vir die Duitse immigrante was Apartheid, *Getrennte Entwicklung*, geskeide ontwikkeling. Gerhard Albien vertel hoe dit was en hoe hulle dit ervaar en aanvaar het, en dat hulle gaste in die land was.¹⁴⁵ Rudolf Oshiek vertel dat, toe hulle in Welkom in die Vrystaat aangekom het in 1953, aan hulle verduidelik is hoe die volke-kulturele verhoudinge gewerk het.

¹⁴² WPA, MO (1B), I. Steinberg, (82), Grasfontein, Pretoria, 2012.07.17, (NF20, CD: U-13).

¹⁴³ WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (54), Kroonstad, 1987.02.01, (NF1, CD: W-20).


¹⁴⁴ WPA, MO (1B), J. Linke, (68), Mayville, Pretoria, 2011.05.11, (NF3, CD: U-19).

¹⁴⁵ WPA, MO (2B), G.K. Albien, (72), Vaalpark, Sasolburg, 2011.09.21, (NF37, CD: X-23).

„Wenig Menschen denken, und doch wollen alle entscheiden.“ Friedrich der Große

Unabhängige Zeitung
24. November 2014
== R 5,00 == **840**
Postfach 7174
0001 Pretoria/Transvaal

Der Südafrika-Deutsche



Mein Opa war Soldat

Kein Verbrecher!

Am 9. 11. führten wir wie jedes Jahr ein Totengedenken durch. Zunächst legten wir ein Gesteck am Grab einer bekannten Persönlichkeit nieder und fuhren nach dem gemeinsamen Mittagessen weiter zum Familiengrab der Opfer eines Verbrechens der französischen Besatzer.

Im Weltnetz gefunden. – Bei den hier abgedruckten „Leserkommentaren“ nahmen wir drei sehr unschöne weg. Zumeist lassen wir die Rechtschreibung unverändert, aber einige verbesserten wir. Insgesamt meldeten sich hier mindestens 906 „Leser“ zu Wort, das ist doch etwas ...!

Am Volkstrauertag gedenken wir aller Kriegstoten unseres Volkes und verneigen uns vor den deutschen Soldaten, die für die Verteidigung von Volk und Heimat Leben, Gut und Gesundheit opferten.

An diesem Tag gedenken wir auch jener deutschen Männer, Frauen und Kinder, die noch nach dem 8. Mai 1945 durch Sieger-Hand den Tod fanden.

„Den Charakter eines Volkes erkennt man daran, wie es nach einem verlorenen Krieg mit seinen Soldaten umgeht.“ (Charles de Gaulle)

906 shares

Angelika Zilkenat sie waren die besten soldaten der welt, das was diese männer aushalten mussten würde heute in der bundeswehr keiner schaffen, ich verneige mich vor euch, für das was ihr für euer land getan habt

Tommy Naumann Mein Uropa war Landsr in Stalingrad er kämpfte treu für sein Land und gab niemals auf ich vermisse ihn. Danke Opa für deinen Mut du bleibst immer in meinem Herzen

Andreas Uhl Mein Vater hatte sich in 1943 mit 17 freiwillig gemeldet. Er war Melder und entging öfter teilweise nur sehr knapp dem Scharfschützentod. Nach dem Krieg kam er in amerikanische Gefangenschaft und bekam tagelang nichts zu essen. Da kräht heute auch kein Hahn mehr nach wie die Amis mit den Gefangenen umgingen. Ich ziehe auf jeden Fall meinen Hut vor ihm und all den Tausenden die in Gefangenschaft waren.

Figuur 24: Uit die Südafrika-Deutscher koerant: “Opa war Soldat, kein Verbrecher”¹⁴⁶

Die meerderheid inheemse mense was nog nie op 'n gelyke Westerse vlak van ontwikkeling soos aan die einde van die twintigste eeu nie. Die Oshieks het die situasie so aanvaar en voortgegaan om met die Afrikaanse gemeenskap te integreer, Afrikaans te leer praat en Afrikaanse liedere te sing. Daar was 'n aansienlike aantal Duitse immigrante wat op die Vrystaatse Goudvelde gewoon het, soveel so dat hul, hul eie Duitse gemeente met 'n eie predikant kon stig.¹⁴⁷ Christa, die vrou van Rudolf Oshiek vertel toe hulle na Suid-Afrika gekom het, was die nie-blanke bevolking nog primitief. Sy is van mening dat die nie-blankes in 'n groot mate verwesters het teen die einde van die twintigste eeu.¹⁴⁸

Die Duitse immigrante in Suid-Afrika is bewus van die aantying en klagtes teen hulle, maar dit is iets waaraan hulle niks kan doen nie. Hulle het die kwessie in Duitsland agtergelaat en distansieer hulleself nou daarvan in Suid-Afrika. In die jaar 2014 het dit geblyk dat daar nog steeds in die harte van sommige Duitse immigrante, 'n stryd was teen die skuldgevoel wat op die Duitsers gelê word – skuld aan die vervolging van die Jode asook skuld aan die veroorsaking van die Tweede Wêreldoorlog. Daar is 'n ontkenning en verweer teen die aanklag.

Sommige Duitse immigrante, weg uit Duitsland, in 'n nuwe *heimat*, waar die *Deutschtum* nog hoog aangeskryf was, kon makliker weer 'n positiewe selfbeeld

¹⁴⁶ Der Südafrika-Deutsche, nr. 840, Pretoria, 2014.11.24.

¹⁴⁷ WPA, MO (1B), R. Oshiek, (84), Hartebeespoort, 2011.02.01, (NF22, CD: U-16)

¹⁴⁸ WPA, MO (1B), R. Oshiek, (84), Hartebeespoort, 2011.02.01, (NF22, CD: U-16).

verkry. Helmut Stäcker vertel dat die Duitsers veral gedurende die eerste vyf jaar na die oorlog in Duitsland moes hoor:

Du bist schuldig, Deutscher zu sein, du bist Verbrecher!

Vertaal: “Jy is ’n Duitser, jy is ’n skelm en ’n krimineel!”

In plaas van hierdie beskuldigings het Stäcker op Kroondal die teenoorgestelde ervaar. In Suid-Afrika word daar ’n hoë persoonlike waarde aan die Duitser gegee. Tydens ’n jeugbyeenkoms het ’n ander Duitser, Otto van Zwietrung, vir Stäcker gevra,

Wie sagt Mann das eigentlich in gutem Deutsch? Noch einmal gab es einen Ruck in meiner Seele: Du warst, bist aber bleibst deutsch im besten Sinne dessen, was du geerbt, erlitten, erlebt und als der würdig erkannt hast!¹⁴⁹

Die vraag is aan hom gestel deur ’n Volks-Duitser, “Hoe sê mens dit in goeie Duits?” Dit het aan sy siel geraak en die volgende woorde het in sy gemoed kom lê:

Jy was, is en bly ’n Duitser in die beste sin van die woord, wat jy geërf het, beleef het en vir jou waardevol is, dit is jy!¹⁵⁰

Ontvlugting in werk

In die omstandighede van die Tweede Wêreldoorlog, het die ouer Duitse offisiere en soldate gesukkel om te verwerk wat met hulle gebeur het na Hitler se magsoorname in 1933. Hulle het nie geweet hoe om op Hitler se opdragte te reageer en sy dade teenoor die Jode te verwerk nie. In die historiese videoproduksie, *Das Regiment-Die Geschichte des Infanterie Regiment Nr. 9*, is daar die situasie waar die soldate van die regiment bewus word daarvan dat hulle ’n kriminele sisteem dien, en nie weet wat om te doen nie. Dan gaan die leser van die produksie voort en sê: “*Mann Flucht in die Arbeit.*”¹⁵¹ Direk vertaal beteken dit: “’n Mens vlug in die werk.” Die Duitse persoon vind ontvlugting in harde werk. Dit is hoe die Duitser in die algemeen reageer op gespanne, moeilike en onverklaarbare situasies of situasies waarvoor hy nie antwoorde kan vind nie – hy raak stil en begin werk sonder ophou en sonder om te kla.

In Suid-Afrika het die Duitse immigrante ook nie moeilike situasies en versperrings tromp-op geloop met luidrugtige protes nie. Dietrich Osterhoff, wat in 1956 na Suid-

¹⁴⁹ WPA, MO (2B), H. Stäcker, (85), Brauhaus am Damm, Rustenburg, 2013.12.01, (NF47, CD: W-17).

¹⁵⁰ WPA, MO (2B), H. Stäcker, (85), Brauhaus am Damm, Rustenburg, 2013.12.01, (NF47, CD: W-17).

¹⁵¹ S.Gebser, (ed.) *Das Regiment – Die Geschichte des Infanterie Regiment Nr. 9*, (Medien GmbH, Polar Film, Gescher, 2011).

Afrika geïmmigreer het, het 'n pos by die Universiteit van Pretoria gekry. Hy is teëgestaan deur 'n Engelse professor wat beweer het dat die Duitser, wat 'n doktorsgraad gehad het, niks van Afrika of die omstandighede geweet het nie. Om die teëstand te oorkom het Osterhoff dadelik begin met 'n tweede doktorsgraad wat hy spoedig voltooi het in 1968, met die tema, "Immunogenetica Studies in South African cattle breeds."¹⁵²

Gisela Nicholson, gebore Böttiger, wat gedeeltelik grootgeword het in die tyd van Hitler en later in die Sowjet-tyd in Oos-Duitsland, het 'n weersin in kommunisme gehad en Apartheid het sy ook as onderdrukking gesien. Haar benadering tot die situasie was om op 'n stil individuele manier betrokke te raak in die Tswana-gemeenskap noord van Pretoria in die Winterveldstreek, waar sy met geestelike leiers van die gemeenskap gewerk het en die gemeenskap sosiaal opgehef het. Sy het vir meer as 30 jaar sekretariële werk vir Christenorganisasies gedoen. Na die dood van een van die leiers in die Winterveldgemeenskap, Richard Makunyane, het sy sy biografie geskryf, getiteld *Richard Makunyane, the story of an African Evangelist*.¹⁵³

Die jare 1976 tot 1979 was vir Wolfgang Wehrmeyer 'n baie moeilike tyd. In plaas daarvan dat hy op moederverloer se vlakke gaan sit het, het hy ontvlugting in werk gesoek. Hy het finansiële baie skade gely toe Kroonstad Staalvensters (Edms.) Bpk., waarvan hy 'n direkteur was, misluk het. Hy moes 'n vrou en vier seuns onderhou. Wehrmeyer het gesukkel om 'n goeie werk te kry. Eers het hy werk gekry as 'n hardeware verkoopsman by Handcocks Hardeware op Kroonstad, maar later die pos verloor weens rekonstruksie. Toe het hy 'n trekker verkoopsman geword, maar daar was droogte in die Vrystaat en omdat hy nie sy verkoopsdoelwitte kon bereik nie, het hy ook hierdie pos verloor. Hy het op sy knieë gegaan en gebid. 'n Dag daarna het 'n weelderige motor voor sy huis gestop en die besoeker het na meneer Wehrmeyer gevra. Hy is die posisie van bestuurder by die klepfabriek, Kroonstad Bearing Works, aangebied. Die fabriek het teen 'n verlies gewerk. Die eienaar het hom 'n klein salaris aangebied met beloftes van 'n beter salaris as hy die haglelike situasie kon omkeer. Wehrmeyer het die geleentheid met albei hande aangegryp. Hy het soggens sesuur gaan werk en eers laatmiddag, vyfuur, huis toe gegaan, om vir 'n uur te rus en te eet en dan weer te gaan werk, tot elfuur in die aand, net om die volgende oggend sesuur weer op sy pos te wees. Aanvanklik het hy gewerk teen geen ekstra vergoeding vir oortyd nie. Binne ses maande was daar 'n aansienlike verbetering in die besigheid en 'n jaar later was dit 'n suksesverhaal.¹⁵⁴

Die verhaal is tipies van Duitse immigrante. Wanneer daar teëspoed is, word daar toevlugting gesoek in werk, sonder om tyd te mors op selfbejammering en te verwag dat iemand anders met 'n oplossing vorendag kom. Selfondersoek word gedoen en daar word op eie inisiatief en krag gesteun. Helmut Stäcker het met byna niks in Suid-Afrika aangekom nie, slegs sy kennis van landbou. Met harde werk, eers vir

¹⁵² WPA, MO (1B), D.R. Osterhoff, (86), Muckleneuk, Pretoria, 2011.07.17, (NF11, CD: X-10).

¹⁵³ G. Nicolson, *Richard Makunyane, the story of an African evangelist*, (s.n. Pretoria, 2009).

¹⁵⁴ WPA, MO (1B), W.H. Wehrmeyer, (75), Bothaville, 2008.05.01, (NF1, CD: V-14).

ander, het hy geld bymekaar gemaak en kon hy 'n plaas koop naby Rustenburg, wat hy "Steinfurt" genoem het. Hy het die plaas suksesvol opgebou ten spyte van teëspoed soos droogtes en peste. Stäcker vertel dat as dinge sleg gaan, daar altyd 'n plekkie in die binnekamer is, waar mens op jou knieë kan gaan en by God kan hulp vra.¹⁵⁵

Kinderspel, die *Stunde Zero* en die wil om te leef

Kinderspel is uiters belangrik vir die ontwikkeling van die volwasse mens. Die mens leer byvoorbeeld hand-oog koördinasie deur met 'n bal te speel. Dogtertjies speel met poppe en word later moeders en dokters wat vir pasiënte omgee. Seuns bou paaie en brûe in die sand en stoot hul motortjies daarop en word ingenieurs. Kinderspel word later van tyd 'n volwasse lewenswyse. Kinders wat droom het 'n toekomsvisie. Hierdie fase sou ook die basis vorm die transnasionaliteit van die Duitse immigrante.

Wolfgang Wehrmeyer se togte op die Haffelmeer in en om Berlyn, het hom later 'n reisiger van Suidelike Afrika gemaak. Heinz Burckhardt se waaghalsige speletjies as kind het hom risiko's laat neem met besigheid in Suid-Afrika. Burckhardt is 'n voorbeeld van 'n Duitse kind wat in die oorlog grootgeword en gespeel het te midde van tragedie en op 'n transnasionale wyse sy drome as 'n Duitse immigrant in Suid-Afrika suksesvol uitgeleef het. Hier volg sy verhaal in kort as voorbeeld van wat die kinders van hierdie periode beleef het:

Te midde van die geruïneerde Duitsland het kinders nog oral gespeel en wanneer kinders speel is alles nie verlore nie. Daar is iets besonder aangrypend aan spelende kinders in die nabyheid van ruïnes of selfs binne ruïnes.¹⁵⁶ Heinz Burckhardt, gebore in 1938, het in Hermannstraat in Neuköln langs Kreuzberg in die middelstad van Berlyn grootgeword. Hy was sowat nege jaar oud toe hy en sy maats in die toring van die uitgebomde *Kaiser Wilhelm Gedächtnis Kirche* opgeklim het. Binne die toring was daar nog balke wat die toring intern gestut het. Hulle het mekaar uitgedaag om oor die balk, met die gapende afgrond onder hulle, te loop.

Die vermoë om vreesloos risiko's te neem is 'n eienskap wat Burckhardt tot laat in sy lewe behou het en dit het grootliks bygedra daartoe dat hy 'n sukses gemaak het van sy besigheidsprojekte.¹⁵⁷

¹⁵⁵ WPA, MO (2B), H. Stäcker, (85), Brauhaus am Dam, Rustenburg, 2013.12.01, (NF47, CD: W-17).

¹⁵⁶ W. Lüthi, *Deutschland zwischen gestern und morgen*, pp. 31-32.

¹⁵⁷ WPA, (MO 4B), H.L. Burkhardt, (76), Garsfontein, Pretoria, 2014.11.15, (NF84, CD: Z-9).



Figuur 25: Die Kaiser Wilhelm Gedächtnis Kirche – die Keiser Wilhelm Herdenkingskerk te Berlyn¹⁵⁸

Wat en waarmee het die kinders gespeel? Mens het nie na die oorlog eintlik kinders met speelgoed sien speel nie. Waarskynlik was dit omdat die gevaar bestaan het dat dit gesteel kon word.¹⁵⁹ Terwyl die navorser met Heinz Burckhardt (76) gesels het, het hy sy teddiebeer van sy kinderjare in sy slaapkamer gaan haal, waar die teddiebeer sy eie stoel het. Dit is 'n ou verweerde teddiebeer met 'n geskiedenis wat liefdevol bewaar word. Weens die bomaanvalle in Berlyn het sy ouers na 'n klein dorpie gevlug. Ongelukkig het dié dorpie ook onder 'n lugaanval van die Geallieerdes deurgeloo. Nadat hulle uit die bomskuiling gekom het, het hulle voor die drieverdiepinghuis gestaan waar sy ouma gewoon het. Die helfte van die huis was weg. Heinz se vader het versigtig met die oorblywende trappe na die boonste verdieping geklim om te kyk of hy nog iets kon red. 'n Stuk van die vloer het skeef gehang, gevaarlik, sodat dit gelyk het of dit enige oomblik kon gly en na benede stort. Op die skewe stuk vloer het hul sitkamerbank gestaan. Toe Heinz se vader agtergekom het dat Heinz agter hom aankom het hy hom probeer terugjaag, maar Heinz het geweier. By die derde vloer gekom, het Heinz opgewonde gemerk dat sy teddiebeer op die bank lê. "Kyk, Pappie, daar is my teddiebeer!" Heinz se pa het versigtig vorentoe gekruip en die teddiebeer vir klein Heinz gaan haal.¹⁶⁰

Gevaar en die oorlewing van die toestande van die *Stunde Zero* was vir Duitse tweede generasie kinders normaal en vanselfsprekend.

¹⁵⁸ WPA, W.H. Wehrmeyer, fotoversameling, (75), Kromdraai-Noord, Bothaville.

¹⁵⁹ W. Lüthi, *Deutschland zwischen gestern und morgen*, pp. 31-32.

¹⁶⁰ WPA, (MO 4B), H.L. Burckhardt, (76), Garsfontein, Pretoria, 2014.11.15, (NF84, CD: Z-9).



Figuur 26: Heinz Burckhardt en sy teddiebeer¹⁶¹

Heinz Burckhardt het in 1964 na Suid-Afrika geïmmigreer. Hy het iemand gekry om hom te borg, maar kort nadat hy gekom het, het die werk wat hy sou doen nie gerealiseer nie. Sy gasheer het gesê hy kon maar verniet bly en eet tot hy rigting gekry het. Die volgende dag het Heinz die heeldag in die tuin gelê en dink. Die aand het Heinz sy gasheer van sy droom en plan vertel. Hy wou sy eie besigheid begin, eie akkommodasie en 'n motor kry en voor die einde van die jaar trou. Sy gasheer het gelag en hom R10 beloof as 'n weddenskap, mits Heinz dit regkry. Die volgende dag het Heinz stad toe gestap en begin rondvra. By die Mercedes Benz motorhawe het hy die Duitse eienaar ontmoet en aan die praat geraak oor die een muur in sy vertoonlokaal en die moontlikheid om dit te versier. Heinz was 'n argitek en het gespesialiseer in binnenshuise versiering gekombineer met bemerking. Die eienaar het gehou van die voorstel en vir 'n skets gevra. Die eienaar het aangebied om Heinz R150 te gee vir die projek, wat baie geld was in daardie jare. Met die voorskot is Heinz daar weg om die skets te maak en materiaal te koop. So het hy sy eerste besigheid begin.¹⁶²

¹⁶¹ WPA, H.W. Wehrmeyer fotoversameling, Garsfontein Pretoria, 2014.11.15.

¹⁶² WPA, (MO 4B), H.L. Burckhardt, (76), Garsfontein, Pretoria, 2014.11.15, (NF84, CD: Z-9).

Heinz Burckhardt het 'n vervulde lewe in Suid-Afrika gelei en bygedra tot die ekonomiese ontwikkeling van Transkei. Hy het die hoof van bemerking en promosie van die Transkeise regering geword, wat die uitstallings van die Transkeise regering op skoue moes behartig, waar die tema hoofsaaklik gegaan het oor landbou en besigheidsontwikkeling van die gebied. Heinz is vandag nog die trotse eienaar van foto's in sy studeerkamer waar hy hande skud met van die Suider-Afrikaanse politieke leiers van die 1970's en 1980's, soos Kaiser Matanzima van Transkei, die premier Ian Smith van die voormalige Suid-Rhodesië en president P.W. Botha van Suid-Afrika.¹⁶³



Figuur 27: Heinz Burckhardt met President P.W. Botha¹⁶⁴

In Berlyn het Willi Lüthi meisies sien touspring en hoe seuns met 'n stukkie tou 'n tol laat spin. Dikwels kon mens ook kinders sien sokker speel met 'n selfgemaakte bal uit ou lappe.¹⁶⁵ Wolfgang se vader Hermann Wehrmeyer moes baie van water gehou het, want hy het sy wonings, soos in Caputh by Potsdam, Seestraße 14 en in Berlyn, Charlottenburgerstraße 10, naby mere en waterweë gekies. Staaken-Berlyn, waar Wolfgang en sy broer Wilfried-Helmut grootgeword het, was in die nabyheid van die groot Haffelmeer. Die Haffelmeer was so groot dat die Geallieerdes met groot

¹⁶³ WPA, (MO 4B), H.L. Burckhardt, (76), Garsfontein, Pretoria, 2014.11.15, (NF84, CD: Z-9).

¹⁶⁴ WPA, H.L. Burckhardt, fotoversameling, (76), Garsfontein, Pretoria.

¹⁶⁵ W. Lüthi, *Deutschland zwischen gestern und morgen*, pp. 31-32.

vliegboote op die meer kon land tydens die Berlynse Lugbrug. Wilfried-Helmut vertel dat hy en sy broer soms drie, vier ure in 'n rigting geroei het op die Haffelmeer en die kanale. Hulle twee het so ver geroei, dat hulle soms sommer in die roeibootjie geslaap het. Dan het hulle eers die volgende dag terug huis toe geroei. Wolfgang moes uit nuuskierigheid kort-kort aan wal gaan, om ondersoek in te stel, en het altyd oor enige ding geklouter. Wilfried-Helmut vertel dat die roeibootjie ook dikwels omgeslaan het as Wolfgang sy streke uithaal en Wilfried iewers verkeerd gesit het en die bootjie van balans af was. Wilfried-Helmut sê, dit moet mens verstaan, "ek het soms 'n meningsverskil met Wolfgang gehad, maar ons was altyd daar vir mekaar".¹⁶⁶ Jare later, ongeveer 1997, het Wilfried-Helmut sy broer Wolfgang besoek op Wolfgang se aftreeplasie, Kromdraai-Noord, langs die Valsrivier naby Bothaville. Wolfgang se liefling koei, Blommetjie, het weggeraak en na dae se soek, is sy gevind waar sy geval het in 'n diep donga en in digte bosse, langs die rivier gesterf het. Wolfgang se verdriet was groot. Wilfried was so aangeraak dat hy dadelik vir sy broer geld gegee het om 'n nuwe koei te koop.¹⁶⁷

Die kameraadskap ervaar deur die kinders en Duitse immigrante en die gesamentlike swaarkry, het 'n onbreekbare band tussen hulle bewerkstellig, wat bygedra het tot die transnasionale wat hulle ervaar het, ten spyte van die feit dat sommige in die noordelike halfmond gewoon het en ander in die suidelike halfmond. Die klein vreugdes wat hulle saam ervaar het tydens hul kinderjare, het 'n "*Lebenswille*" in hul harte vir die toekoms geskep.

Wilfried-Helmut som hierdie tyd gedurende en na die oorlog soos volg op:

Man kann heute sagen: Mann ihr habt keine schöne Jugend gehabt. Es stimmt gar nicht. Wir haben immer aus etwas Schlechtem etwas Gutes gemacht und haben uns trotzdem wohl gefühlt.¹⁶⁸

Mense kan sê ons het nie 'n wondelike jeug gehad nie, maar dit is nie waar nie. Ons het altyd iets positief gemaak uit moeilike omstandighede en het ons self geniet en was gelukkig

Mens kan dalk sê dat ons in daardie tyd tydens en na die oorlog nie 'n goeie jeug gehad het nie, maar dit is nie waar nie. Ons het ten spyte van ons omstandighede iets positiefs daarvan gemaak. Ons was tog gelukkig en het onself vermaak. Die *Stunde Zero* was vir die Duitser die oomblik toe Duitsland platgeskiet en gebombardeer is, vrede gesluit is en die nuwe begin aangebreek het.

Die Duitse identiteit is aan die *Stunde Zero* verbind saam met die wil om te leef. Op 9 Mei 1945 is in Potsdam vrede gesluit. Duitsland is verslaan. Dit was *Stunde Zero*, in Berlyn was dit die uur nul. Berlyn was 'n stad vol geruïneerde huise, geruïneerde mense, geknakte manlike trots en vertrapte vroue. Honderde duisende vroue en jong

¹⁶⁶ WPA, MO (4B), W.H. Wehrmeyer, (76), Plochingen, Stuttgart, 2012.05.20, (NF82, CD: U-9).

¹⁶⁷ WPA, H.W. Wehrmeyer, My herinneringe en aantekeninge oor die verlede en hede, p. 36.

¹⁶⁸ WPA, MO (4B), W.H. Wehrmeyer, (76), Plochingen, Stuttgart, 2012.05.20, (NF82, CD: U-9).

meisies is verkrag deur die Russiese magte.¹⁶⁹ Dit was die stad waar Duitse immigrante gewoon het voordat hulle na Suid-Afrika gekom het. Wolfgang Wehrmeyer en sy broer, Wilfried-Helmut, het geleef in die woonbuurt, Staaken. So ook Hanna Herrmann, net noord van Berlyn in Frohnau¹⁷⁰ en Heinz Burckhardt in die stad, Neuköln.¹⁷¹ Lothar Buchhorn vertel dat hulle, nadat hy saam met sy moeder uit Oos-Pruise gevlug het, vir 'n tyd in Berlyn gewoon het. Om te oorleef het hy na die Russiese soldate se kasernes gegaan en uit die asblikke die aartappelskille gehaal sodat sy moeder dit kon kook en hulle iets kon hê om te eet.¹⁷²



Figuur 28: Die Speerbrug, Berlyn – Stunde Zero¹⁷³

Na die *Stunde Zero* het die Duitsers uit die as opgestaan. Oral in die gebombardeerde stede, soos in Berlyn, was die *trümmel Frauen* te sien, nl. vroue en jong meisies in handlangersklere. Dit was nie vroue wat strafarbeid moes doen omdat hulle Nazi kriminele was nie, maar bloot vroue wat nêrens werk kon kry nie en net 'n stukkie brood probeer verdien het. Baie van die vroue het vroeër in die

¹⁶⁹ W. Lüthi, *Deutschland zwischen gestern und morgen*, p. 91.

¹⁷⁰ WPA, MO (1B), J. Herrmann, (79), Garsfontein, Pretoria, 2011.09.11, (NF06, CD: V-19). J.H. Hermann, *Rückblick auf ein Leben unter Gottes Gnade*, zu 80. Geburtstag, (Ongepubliseerde memoires, Pretoria), p. 1.

¹⁷¹ WPA, MO (4B), H.L. Burckhardt, (76), Garsfontein, Pretoria, 2014.11.15, (NF84, CD: Z-9).

¹⁷² WPA, MO (1B), L. Buchhorn, (71), Vanderbijlpark, 2011.08.11, (NF18, CD: V-2).

¹⁷³ G. Descher, (ed.), *Der 2. Weltkrieg, Bilder-Daten-Dokumenten*, p. 621.

staatsdepartement gewerk wat in Berlyn gekonsentreer was. Vroue het pikke en grawe gedra en swaar kruywaens met bakstene en bourommel gestoot, in plaas daarvan om 'n babawaentjie te stoot.¹⁷⁴

Die groep Duitsers wat ná 1945 tot ongeveer 1960 na Suid-Afrika gekom het, het benewens hulle algemene, nasionale identiteit wat deur die eeue gevorm is, 'n periode van ongekende swaarkry, van twee Wêreldoorloë en groot depressie meegemaak, wat hierdie twee geslagte met bepaalde eiesoortige eienskappe toegedig het. Die geleentheid wat hierdie Duitse immigrante gegee is om in Suid-Afrika 'n nuwe lewe, toekoms en *heimat* te kon hê, het hulle met diep dankbaarheid gevul. In Suid-Afrika kon hulle veilig wees, werk en kos hê om van te leef. Hulle kon hulleself uitleef en tot hulle volle reg kom. In 'n groot industriële stad het Willi Lüthi 'n lentefees bygewoon. Die byeenkoms was in 'n saal van die Evangeliese kerk. 'n Kwartier voor die begin van die byeenkoms was die saal stampvol. Die tema was lente, son, blomme, vriendskap en ook 'n bietjie op die liefde gerig. Tussen die troostelose ruïnes het die jongmense gesing: "Kom laat ons dans, spring, kom laat ons vrolik wees!"¹⁷⁵ 'n Jong seun het die byeenkoms geopen en die doel en program bekend gestel.

"Ons wil" begin hy, " 'n beweging wees met die volgende doel voor oë: vriendskap, orde en solidariteit! Daar is nou 'n stryd teen moed verloor en om sommer net een van die massa te wees. Die jeug moet opstaan en hulself laat geld." Onder groot gejuig, sluit die jong redenaar af met die woorde: "Ons is nie skuldig nie, ook is ons nie verlore nie, ons wil lewe!"¹⁷⁶

Willi Lüthi het die volgende beeld gesien wat spreek van die nuwe Duitse jeug, die Duitse mans en vrouens van die toekoms:

Aan die rand van 'n *Trümmerfeld* – uitgebomde ruïnes staan 'n jong Kersieboom. Die eenkant is erg verskroei en verbrand, die ander kant wil-wil bloeisels vorm – 'n beeld van Duitsland se jeug, tussen gister en more, die verlede en die toekoms.¹⁷⁷

Die Duitsers wat oorleef het, het gedroom van 'n beter toekoms. Wat belowend was, was dat jongmense van Duitsland bereid was om op te staan en met ywer en doelgerigtheid die toekoms in te gaan.¹⁷⁸ Hierdie was 'n tipiese Duitse fenomeen wat plaasgevind het ná die Tweede Wêreldoorlog in Duitsland – hoop te midde van ruïnes, 'n hoop wat die Duitse immigrante ook in hulle harte saamgedra het na Suid-Afrika.

¹⁷⁴ W. Lüthi, *Deutschland zwischen gestern und morgen*, p. 91.

¹⁷⁵ W. Lüthi, *Deutschland zwischen gestern und morgen*, p. 35.

¹⁷⁶ W. Lüthi, *Deutschland zwischen gestern und morgen*, p. 40.

¹⁷⁷ W. Lüthi, *Deutschland zwischen gestern und morgen*, p. 40.

¹⁷⁸ W. Lüthi, *Deutschland zwischen gestern und morgen*, p. 34.

Hoe Duitse immigrante in Suid-Afrika ontvang is

Die Duitse immigrante na Suid-Afrika is met ope arms ontvang deur veral die Afrikaanssprekende deel van die Suid-Afrikaanse gemeenskap. 'n Aansienlike persentasie van die Afrikaners het Duitse stamvaders gehad. In die Anglo-Boereoorlog het die Boere die Duitsers as hul bondgenote teen Engeland gesien. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het die Suid-Afrikaners die gebeure in Europa noukeurig gevolg en na die oorlog was daar verskeie humanitêre aksies om die Duitse bevolking te help met kos en klere. Dit is teen hierdie agtergrond dat die Duitsers in Suid-Afrika ontvang is.

Osterhoff het in 1956 na Suid-Afrika geïmmigreer en sy Volkswagen Kewer saamgebring.¹⁷⁹ By die Kaap het hy gesukkel om dit deur die doeanes te kry. Hier het hy sy eerste Afrikaanse woorde geleer, naamlik "Ek wil ry". Uiteindelik kon hy die 1250km aanpak na Pretoria. Hy het gelees hoe die wrede Boere in die 1800's die Karoo mak gemaak het. Lewers naby Drie Susters in die Karoo het sy petrol opgeraak en hy het hom heeltemal misgis met die afstande. Hy het aangeklop vir hulp by 'n spoorwegstasie langs die pad en die beampte het hom die pad na 'n boer in die grammadoelas beduie. Die boer het dadelik sy probleem begryp en gevra of hy 'n Engelsman was. Hy het "nee" geantwoord in Duits, "*Ich bin Deutscher.*" Daarop het die boer vir hom gratis petrol gegee. Dit was genoeg om 300km verder te ry tot by Colesberg. Dit was óf *Deutschfreundlichkeit* óf haat vir Engelse, wat my gehelp het om verniet petrol te kry, meen Osterhoff.¹⁸⁰ Osterhoff het hom ook in die Duitse gemeenskap laat integreer. Op 3 September 1956 het hy die Setlaarsdag te Kroondal, ongeveer 150km wes van Pretoria, bygewoon. Die toespraak was 'n groot "vaderland"-toespraak en daar is gewys op die Duitse bydrae en die ontwikkeling van die land. Bome is geplant en die "*Deutschland*"-lied is gesing. Dan is Duitse worssoorte saam met aartappelslaai geëet. Daar was omtrent 'n 1000 persone, almal Duitsers, meestal boere en mense uit Pretoria en Johannesburg.¹⁸¹

Engelstalige Suid-Afrikaners het 'n vyandige gesindheid teenoor die Duitse immigrante geopenbaar. Ursula Spies (gebore Verleger) vertel dat haar Engelse onderwyser haar afgeknou het in die klaskamer en openlik gesê het dat sy nie die vermoë gehad het om Engels te kon praat nie. Ursula het van toe af geweier om Engels te praat. Eers in die voorbereiding van haar beroepslewe as radiografis, kon haar mede-studente haar motiveer om Engels te leer.¹⁸² Professor Eberhard Funcke het in 1960 na Suid-Afrika gekom, in opdrag van die Duitse departement van buitelandse sake om aan die Duitse Skool Pretoria diens te doen. Hy en sy familie is dadelik in die Duitse gemeenskap opgeneem en hy het besluit om aan te bly in Suid-

¹⁷⁹ D.R. Osterhoff, *Memoiren*, (s.n., Pretoria, 2010), p. 76.

¹⁸⁰ D.R. Osterhoff, *Memoiren*, p. 86.

¹⁸¹ D.R. Osterhoff, *Memoiren*, p. 94.

¹⁸² WPA, MO (4B), U. Spies, gebore Verleger, (78), Groenkloof, Pretoria, 2014.08.06, (NF79, CD: X-22).

Afrika. Hy het verder gestudeer en by die Universiteit van Pretoria aangesluit waar hy professor in “*Germanika*” – Duits geword het.¹⁸³

Siemen Visser is gebore en het grootgeword noord van Emsdeten in die noorde van Duitsland, nader aan die Nederlandse grens. In hul familie het hulle *Platdeutsch* gepraat - 'n dialek, sê Visser, wat baie naby aan Afrikaans is. Terwyl hy vir bou-ingenieur aan die Universiteit van Hamburg gestudeer het, het hy 'n advertensie van 'n vakante pos vir 'n bou-ingenieur in Suid-Afrika gesien. Hy is aanvaar vir die pos en die Suid-Afrikaanse Spoorweë het sy reiskostes betaal. Visser vertel dat hy gou geleer het om saam met die Afrikaners te werk. By een geleentheid is 'n Engelssprekende persoon gestuur om 'n projek vir die Spoorweë uit te voer. Hy moes opmetings doen en reëlings tref. Vir dae lank het die treindrywers moeilikheid gemaak, met hulle treine geraas en alles wat die Engelsman wou doen gedwarsboom, sodat hy later moed opgegee het. Visser is na die terrein gestuur. Gou-gou het hy vriende gemaak met die Afrikaanse treindrywers en beamptes. Hy het hul vertrouwe gewen en hul samewerking gekry sodat hy die projek suksesvol kon uitvoer. Visser het later die hoofinspekteur vir bouwerke van die Suid-Afrikaanse Spoorweë geword.¹⁸⁴

Adolf Ewald Helmers is in 1933 te Holder naby Oldenburg gebore, in 'n streek wat *Platdeutsch* gepraat het. Deur middel van die Suid-Afrikaanse konsulaat in Keulen het hy brosjures oor Pretoria en Johannesburg gekry. Hy het die meeste van Pretoria gehou. In 1966 het hy saam met sy vrou en dogter geïmmigreer. Hy is deur mnr Möller (voorletters onbekend), die bestuurder van Transa, na Sordiets geneem. Die eienaar was 'n Oostenryker en Adolf Helmer het dadelik die pos van *bauleiter*, projekbestuurder, aanvaar. Die firma was Duits en Afrikaans was vir hom geen probleem nie. Volgens Adolf Helmers is Fresenplat en Vlaamsplat nader aan Afrikaans, as Nederlands aan Afrikaans. Hy het dadelik aangepas en welkom gevoel in Suid-Afrika. In 1989 het hy erkenning ontvang as die beste konstruksieleier in Suid-Afrika.¹⁸⁵

Klaus Vaqué beskryf dat die twee oorheersende tale in 1977, toe hy na Suid-Afrika gekom het, Afrikaans en Engels was. Afrikaans was die taal van die Boere en daarom ook die taal van die *Burenregierung* en die amptenary. Vaqué sou gou leer hoe belangrik dit was om Afrikaans te kon praat in Pretoria. Wanneer hy 'n amptenaar in Engels aangespreek het, is hy geïgnoreer of die amptenaar het gemaak of hy nie verstaan nie. Eers nadat hy agtergekom het dat Vaqué 'n Duitser was, het hy vriendeliker geword en sou hy in Engels help. Veral by die ouer Afrikaners het Vaqué opgemerk dat daar steeds 'n gespanne houding was teenoor die Engelse taal, 'n gevoel wat teruggaan na die Anglo-Boereoorlog en die konsentrasiekampe. Hy het dadelik 'n basiese kursus in Afrikaans begin doen, waar

¹⁸³ WPA, MO (1B), E.W. Funcke, (83), Groenkloof, Pretoria, 2011.04.11, (NF2, CD: U-18).

¹⁸⁴ WPA, MO (1B), S. Visser, (80), Randburg, 2011.08.07, (NF8, slegs nota).

¹⁸⁵ WPA, MO (1B), A.E. Helmers, (78), Centurion, 2011.08.06, (NF14, CD: X-14).

hy ook ander immigrante en Duitse immigrante leer ken het. Met die familie Schnell wat uit München kom, sou hy nog jare lank vriende bly.¹⁸⁶

Duitse immigrante is goed ontvang in Suid-Afrika, veral deur die Afrikaners. Duitse immigrante uit die noordelike gebiede van Duitsland wat nog die ou Platdeutsch magtig was, het gou aansluiting gevind by die Afrikaner-kultuur. Ook dié wat nie Platdeutsch magtig was nie en bereid was om Afrikaans te leer, het maklik geïntegreer in die gemeenskap. Duitsers wat na die 1970's geïmmigreer het, soos Gerda Meyer,¹⁸⁷ Eric Bolsmann¹⁸⁸ en Werner Schlebach¹⁸⁹, het met Engels as tweede taal op skool te doen gehad of elders geleer, voordat hulle geïmmigreer het, en was meer tuis in 'n Engels-Duitse omgewing. Respondente wat ondersoek is in hierdie studie, was van die eerste en tweede generasies ten opsigte van die Tweede Wêreldoorlog en hulle kon grotendeels vereenselwig met die Afrikaanse gemeenskap - veral as hulle buite die Johannesburgse gebied gaan woon het.

Slotsom

In hierdie hoofstuk het ons gekyk na die agtergrond van die Duitse immigrante, hoofsaaklik die jare 1933 tot 1950, wat die magsoorname van die Nasionaal-Sosialiste tot die einde van die Tweede Wêreldoorlog en die onmiddellike jare daarna ervaar het. Die Duitse identiteit is ondersoek en spesifiek hoe die verskillende fasette van Nasionaal-Sosialisme 'n indruk gemaak het op hul persoon en wese. Nasionaal-Sosialisme het gepoog om elke fase en faset van die Duitser te beïnvloed, te beheer en te militariseer. Dit is gedoen deur middel van, onder andere, die jeug-, werkers- en party-organisasies. Selfs die mense se vryheidsbesteding en godsdiens is nie gespaar nie. Dié wat nie vrywillig saamgewerk het nie, is tot stilswye gedwing deur vrees. Om met hierdie moeilike omstandighede te kon deal, het Duitsers hul toegevlug geneem na harde werk. Ten spyte van die skuldgevoel wat die Geallieerdes op die Duitse samelewing geplaas het, en wat deels suksesvol was, is daar by die Duitser 'n unieke veerkragtigheid en het hulle onmiddellik na die oorlog weer begin om hulle lewens en land op te bou.

In die volgende hoofstuk word daar ondersoek ingestel na die Duitse immigrante se transnasionale sosiale netwerke en transnasionale ruimtes. In die daaropvolgende hoofstuk word hul transnasionaaliteit ondersoek en ontleed met beide kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes.

¹⁸⁶ K.D. Vaqué, *An der Hand Gottes... Von Pommern nach Südafrika*, (Varama Publishers, Pretoria, 2004), p.116.

¹⁸⁷ WPA, MO (3B), G. Meyer, (74), Thabela Gastehuis, Pretoria-Noord, 2014.03.23, (NF74, CD: X-21).

¹⁸⁸ WPA, MO (3B), E. Bolsmann, (73), Brooklyn, Pretoria, 2014.02.27, (NF70, CD: X-15).

¹⁸⁹ WPA, MO (3B), W.H. Schlebach, (79), Fairlands, Randburg, 2014.01.11, (NF67, CD: Y-24).